

# Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: tendense en toekomspektiewe

Jaap Steyn en André Duvenhage

Jaap Steyn: Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat  
André Duvenhage: Navorsingsdirekteur – Fokusarea: Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

## *Opsomming*

Navorsing deur Schlemmer (2010) toon aan dat taalverskuiwing na Engels in 'n redelik groot mate by bruin Afrikaanssprekendes en in 'n geringer mate by wit Afrikaanssprekendes plaasvind. Ook is daar 'n groot toename in taalvermenging onder veral wit Afrikaanssprekendes, wat moontlik 'n gevaarteken vir Afrikaans is. In hierdie artikel word die faktore en tendense beskryf wat gelei het tot funksie- en statusverlies vir Afrikaans. Ook faktore wat taalverskuiwing bevorder en die verswakking van kragte wat taalverskuiwing kan teëwerk, word onder die loep geneem. Tendense en faktore wat destruktief is vir die voortbestaan van die taal, is globalisering, die staat se transformasiemaatreëls (soos regstellende aksie en verteenwoordigendheid), die owerheid se onverskillige houding teenoor inheemse tale, die disintegrasie van Afrikaner-nasionalisme, die negatiewe gevolge van 'n onverwerkte verlede en demografiese marginalisering. Daar is egter ook konstruktiewe faktore en tendense wat waarskynlik verhoed dat taalverskuiwing groter afmetings aanneem. Dit is die lewenskragtigheid en aantrekkingskrag van die Afrikaanse kultuur, die gehalte van Afrikaanse skole, die ontluikende verwerking van die verlede deur Afrikaners en optredes van die burgerlike samelewing, wat 'n mate van aktivisme en skepping van selfhelpinstellings insluit. Ook is daar obstruktiwiese tendense wat positief of negatief kan ontwikkel, soos pogings om taalvermenging teen te gaan, die ontwikkeling van nuwe tegnologie en pogings om betrekkinge tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes te verbeter. Taalhandhawing is daarop gerig om positiewe tendense positief te hou en obstruktiwiese tendense in 'n positiewe rigting te laat ontwikkel, sodat die destruktiewe tendense en faktore gestuit of selfs omgekeer kan word. Ten slotte word twee moontlikhede vir die toekoms geskets. Die een kom neer op 'n voortsetting van 'n passiewe houding teenoor destruktiewe tendense en prosesse en die ander op die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die behoud van die taal, wat aktivisme en selfhelpinstellings insluit waar die houding van die owerheid dit noodsaak.

**Trefwoorde:** taalverskuiwing, taalhandhawing, Afrikanernasionalisme, transformasie, taalvermenging

## *Summary*

## Language shift and language maintenance in the Afrikaans community: trends and perspectives for the future

Research conducted by Schlemmer (2010) indicated that a significant language shift towards English is taking place among Afrikaans-speaking coloured people, and to a lesser extent among white Afrikaners. In terms of percentages, white Afrikaans-speaking adults increased from 57,1 percent in 1993 to 57,6 percent in 2008, while coloured Afrikaans speakers declined from 83,4 percent in 1993 to 77,3 percent in 2008.

The moderate growth in the number of whites using Afrikaans as their mother tongue conceals a worrying trend of language shift. Among coloured adults the percentage of Afrikaans speakers decreased markedly due to language shift. Yet previous studies indicated that the coloured Afrikaans-speaking demographic has enjoyed steady growth, especially outside the Cape Peninsula. This could indicate the emergence of regional polarisation, resulting in localised language shift toward English in the Cape Town metropolitan area.

Surveys also indicate the proliferation of English as an additional language. Whereas in 2003 only 30,1 percent of white Afrikaans households used English, its usage increased to 50,4 percent in 2008. The corresponding figures for coloured households indicate that English was an additional language in 36,9 percent of households in 2003, which grew to 45,4 percent in 2008. Coloured Afrikaans speakers have traditionally mixed their mother tongue with English, but (as the above figures demonstrate) in five years mixed language use among Afrikaans-speaking whites surpassed that of coloureds. The extent of language mixture varies: from a sporadic English word, up to whole sentences could be inserted. Schlemmer posits that Afrikaans speakers are returning to a situation similar to that of a century ago, when many Afrikaners utilised Dutch or English for the purposes of formal or technical communication (sometimes even in love letters). He suggests that this should serve as a warning sign regarding the Afrikaans language.

This article describes the factors and trends leading to the loss of status and function of the Afrikaans language; factors which promote language shift; and the weakening of forces that oppose language shift.

Trends and factors which are seen as destructive toward the continued existence of the language include globalisation, the parameters of transformation implemented by the state, such as affirmative action, the authorities' reckless attitude towards indigenous languages, the disintegration of Afrikaner nationalism, demographic marginalisation, and the negative consequences of an unrealised peace. Many whites still harbour feelings of guilt about apartheid, while others have lost confidence in the future due to a lack of self-determination. Similarly, coloureds have not shaken off the painful memories of life under apartheid.

The authors demonstrate the destructive consequences of transformation for the Afrikaans language, citing Malan (2010a:427): "If *transformation* has developed into the master concept of our post-1994 public order, representivity is the principal instrument for achieving transformation." Many preeminent commentators suggest that legal and political representivity play a destructive role. Even though according to the Constitution representivity is applicable only to judges and civil servants, its application has been extended to civil society, the corporate sector, non-profit organisations and NGOs.

The authors further indicate how transformation has undermined Afrikaans as a language of practical communication in broadcasting, legal practice, at universities and in schools.

Controversially, education departments have changed language policies in Afrikaans schools; decisions which have been implemented at great cost of time and resources. Such policy changes were subsequently contested in high-profile court cases such as those of Middelburg, Mikro and Ermelo.

One of the multitude of problems that has emerged in legal practice has been the interpretation between English and Afrikaans in court cases. Whereas the courts have traditionally been effective at interpreting between English or Afrikaans and African languages, they are proving to be largely inept at interpreting between English and Afrikaans. Interpretation between these two languages is often unavailable, or of such poor quality that Afrikaans witnesses and accused often choose to testify in English, arguably to their detriment.

With regard to demographics the authors point to the consequences of unequal growth in the composition of the South African population. On the one hand, large-scale emigration by white Afrikaans speakers has accentuated the problems of an existing low birth rate, which is now below the replacement rate (by comparison, the Afrikaans-speaking coloured demographic has only recently reached the replacement birth rate). In contrast, the black population exhibits a high birth rate and an influx of immigrants from the rest of Africa.

However, there are also several constructive trends and factors which have prevented the process of language shift from attaining greater momentum. These are the quality of Afrikaans schools, the attempts of Afrikaners to come to grips with the past, and the activities of civil society, which include the measures of activism and the establishment of self-help initiatives. The most significant constructive trend has proved to be the vitality and allure of the Afrikaans culture. Contributing to this is the scope and variety of Afrikaans literature, the various printed and electronic media publications, and the expanding activities of the new media, for example online journals such as LitNet. The growing number of Afrikaans arts and music festivals have also become popular attractions.

Afrikaans culture is blossoming – one aspect which cannot be directly controlled by the ANC. However, areas where the state is predominant pose a difficult challenge: the SABC has drastically curtailed Afrikaans television since 1994 (while it flourishes through private broadcasters such as kykNET).

Obstructive trends have also been identified which have the potential to develop either positively or negatively, such as attempts to consciously counter language-mixing, the development of new technologies, and attempts to foster a closer relationship between coloured and white Afrikaans speakers. The preeminent now deceased Afrikaans linguist Fritz Ponelis suggested that it is futile to supplant standard Afrikaans with a hybrid or mixed language. In his opinion, such a language would be unable to stand its ground against the long-term encroachment of English.

Regarding cooperation between the white and coloured Afrikaans communities Giliomee (2010) differentiated between two groups of coloured Afrikaans speakers. The educated working and middle classes exhibit an enthusiasm for Afrikaans and for initiatives promoting Afrikaans, as is evident in the successes of the ACVV, Kindersorg and the Stigting vir die Bemagtiging in Afrikaans. However, a different picture emerges among the coloured “elite”. This group still maintains sensitive memories of apartheid, resulting in their rejection of Afrikaans and the subsequent adoption of English as a language of mobility and aspiration.

Giliomee (2010) notes that many members of the coloured elite occupying senior positions in the civil service, university management and large companies tend to be strongly progressive and individualistic, resulting in a close association with English and the subsequent values and worldview the language promotes. Such individuals generally support the government's pursuance of race-based transformation and its policy of English as the language of access in society.

In 2006, during an ATKV conference, Neville Alexander pointed out that it is still too early to speak of an Afrikaans language community. For now, the focus should be on the shared interests of Afrikaans speakers, of which effective education and tuition in Afrikaans is the most important.

The authors expect that the language policy and practices of the authorities will remain unchanged, and that the Afrikaans community will have to reckon with continued aloofness, animosity and recklessness from government. Therefore taking ownership and responsibility is essential for initiatives and institutions which aim to promote Afrikaans as a language of communication, education and job creation.

**Key words:** language shift, language maintenance, Afrikaner nationalism, transformation, mixing of languages

## 1. Inleiding

Taal bly 'n brandende kwessie in Suid-Afrika. Dit blyk uit talle mediaberigte en artikels in vaktydskrifte oor verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse taalsituasie. Die (onvolledige) lys vakkundige publikasies handel oor onder meer die algemene taalsituasie (Giliomee 2004 en 2009), taalverskuiwing (Van den Berg 2003; Deumert 2010), die gevolge van die toepassing van "verteenwoordigendheid" op onder meer tale (Malan 2010a), taalwetgewing (Du Plessis 2010), taal in die regspleging (Malan 2009), Afrikaans aan die historiese Afrikaanse universiteite (Giliomee en Schlemmer 2006; Van Coller en Steyn 2005), taal op universiteitsvlak (F.W. de Klerk-stigting 2010), moedertaalonderwys (Van Niekerk en De Wet 2006), hofsake oor Afrikaans as onderrigtaal (Lubbe 2006; Malan 2010b; Malherbe 2010), taalsigbaarheid by openbare tekens (Du Plessis 2009), en die opbou van 'n inklusiewe taalgemeenskap (Webb 2010), asook Schlemmer (2010a) se bevindings oor taalverskuiwing en taalvermenging, wat behandel word in Duvenhage en Steyn (2010).

Laasgenoemde is 'n verslag van 'n ondersoek onder die titel *Die Afrikaner op pad na 2020 – scenario-perspektiewe* wat in opdrag van die Afrikaner Burgerlike Netwerk (ABN) uitgevoer is. Die opdrag het voortgespruit uit die kommer van 'n aantal Afrikaanse kultuurorganisasies oor die toekoms van die Afrikaners en Afrikaans.<sup>1</sup> Die verslag is deels gegrond op referate van sowat 40 navorsers wat almal spesialiste binne hul vakgebiede is. Hul referate is in 2010 tydens openbare byeenkomste in Pretoria gelewer en berigte oor sommige daarvan het in die media verskyn, veral in *Beeld* en *Volksblad*. Verder het die skrywers gebruik gemaak van aanvullende materiaal uit akademiese werke, verslae, voorleggings en koerantberigte.

Soos dit uit die genoemde titel blyk, het Duvenhage en Steyn (2010) betrekking op die Afrikaners, maar die posisie van Afrikaans, ook onder nie-Afrikaners, is 'n integrale deel van

die verslag. Die doel van die skrywers is om met hierdie artikel die aandag te vestig op een van die belangrikste knelpunte vir Afrikaans, naamlik taalverskuiwing – wat vir nedominante taalgroepe in 'n meertalige land altyd 'n bedreiging bly – en die daarmee verbandhoudende proses van taalvermenging.

In die behandeling van faktore en tendense wat hierdie verskynsel beïnvloed, word onderskei tussen *destruktiwe*, *obstruktiwe* en *konstruktiewe* faktore en tendense. Onderskeidelik gaan dit oor faktore en tendense waarvoor baie beperkte of geen beheer bestaan nie, dié waarvoor 'n mate van beheer moontlik is, en dié wat positief uitgebou kan word.

Taalhandhawers probeer gewoonlik om die konstruktiewe faktore konstruktief te hou en om obstruktiwe faktore so te beïnvloed dat hulle in 'n konstruktiewe rigting ontwikkel en sodoende selfs destruktiwe tendense kan stuit.

Die artikel is ongeveer soos volg gestruktureer, hoewel hierdie opskrifte nie noodwendig streng met dié in die artikel sal ooreenstem en deur die numerering weerspieël sal word nie:

**Inleidend:** taalverskuiwing en taalhandhawing

**Huidige tendense:** taalverskuiwing en taalvermenging

**Destruktiwe faktore (oorsake van funksie- en statusverlies)**

- globalisering
- transformasie
- marginalisering van inheemse tale
- die disintegrasie van Afrikaner-nasionalisme
- die verlammeende gevolge van 'n onverwerkte verlede en
- demografiese marginalisering (“minorising”)

**Konstruktiewe faktore**

- die lewenskragtigheid van Afrikaanse kultuur
- die gehalte van Afrikaanse onderwys
- die begin van verwerking van skuldgevoelens oor die verlede
- betrokkenheid van burgerlike samelewing

**Obstruktiwe faktore en tendense**

- pogings om taalvermenging teen te gaan
- benutting van nuwe tegnologie
- pogings om die verhouding tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes te verbeter

**Gevolgtrekkings.**

## **2. Taalverskuiwing en taalhandhawing**

### **2.1 Taalverskuiwing**

*Taalverskuiwing* verwys volgens Webb en Kembo-Sure (2000:13) na 'n proses waarin die sprekers van een taal 'n tweede taal vir al hoe meer funksies gebruik, totdat hulle uiteindelik slegs die tweede taal gebruik, selfs in persoonlike en intieme kontekste. Die taalverskuiwing is voltrek wanneer die tweede taal 'n simbool van die sosiaal-kulturele identiteit van hierdie sprekers word.

Die faktore wat 'n rol in taalverskuiwing speel, blyk duidelik uit die beskrywing deur Holmes (1992:57–62) van die proses in Oberwart, 'n Oostenrykse dorp aan die grens met Hongarye. Voor die Eerste Wêreldoorlog (1914–18) was dit deel van Hongarye en het die meeste inwoners hoofsaaklik Hongaars gepraat. Baie mense het egter Duits geken omdat die dorp sowat 400 jaar lank al omring was deur Duitssprekende dorpe. Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het Oberwart deel geword van Oostenryk en was Duits die amptelike taal. Hongaars is op skool verbied.

Daarmee het taalverskuiwing begin. In die 1920's het die Hongaarse boere Hongaars met mekaar gepraat en Duits met mense van buite. Oberwart het begin groei, en die meeste werk was nie meer in die boerdery te vinde nie, maar in die nywerhede, waar Duits die werkstaal was. Hongaarssprekendes het Duits sodoende vir 'n toenemende aantal funksies aangewend. 'n Diglossie-situasie het ontstaan (met ander woorde een waarin twee tale of taalvariëteite in 'n samelewing vir verskillende soorte funksies gebesig is). Duits is gebruik vir die “hoë funksies” – die onderwys, amptelike transaksies en die werkplek; dit was die taal van ekonomiese vooruitgang; dit was ook die taal van formele situasies en het sosiale afstand uitgedruk. Hongaars was die taal van die “lae funksies” – dit is in die meeste huisgesinne en in vriendskaplike gesprekke van die dorpenaars gepraat. Dit was ook die taal van solidariteit – dus die teenhanger van sosiale afstand. Hongaars is gebruik vir sosiale en gevoelsituasies. In die sosiolinguistiek word die term *domein* dikwels hiervoor gebruik – dit verwys na 'n klas van soortgelyke situasies. Die domein van Duits was aanvanklik die meer formele “hoë funksies” van die taal, en dié van Hongaars was die “lae funksies” van intimiteit en solidariteit.

Dit was gou duidelik dat om vooruit te kom in die lewe, 'n mens Duits moes leer, en dus is die kennis van Duits geassosieer met sosiale en ekonomiese vooruitgang. Wie Hongaars praat, is geassosieer met boersheid, en die taal is as oudmodies beskou. Jongmense het al hoe meer Duits met mekaar in die openbaar gaan praat, en ouers het ook ál meer Duits met hul kinders gepraat. Met ander woorde die domein, of klas situasies, waarin Duits gebruik is, het uitgebrei, en situasies waarin Hongaars gebesig is, het verminder. Mettertyd het jongmense nog net God in Hongaars aangespreek: as hulle bid of kerk toe gaan.

Die taalgebruikspatrone van individue in Oberwart het afgehang van hul sosiale netwerke. Ouer mense en mense in die landbou het met mekaar Hongaars gepraat, maar jonger mense en diegene met werk in die nywerhede en beroepe het Duits gebruik. Langsamerhand is Hongaars deur Duits vervang.

In elk geval laat die Oberwart-verhaal sien watter groot rol politieke faktore (die keuse van amptelike tale en onderwystaal) en ekonomiese oorwegings by taalverskuiwing speel. Die

sprekers van die nedominante tale assosieer die dominante taal met status, prestige en sosiale sukses. Om goeie werk te kry, moet anderstaliges die dominante taal leer. Hulle word dus tweetalig, en tweetaligheid kan tot taalverskuiwing lei, maar hoef dit nie noodwendig te doen nie.

Daar is meer faktore wat 'n invloed op taalverskuiwing het. Voor 1914 het dit byvoorbeeld nie soveel saak gemaak dat Hongaars in die Oberwart-omgewing 'n inheemse taal was nie, want dit was 'n amptelike taal. Toe dié status, en gevolglike staatsteun, ná 1918 wegval, het die demografiese marginalisering of minorisering tot die verswakte posisie van Hongaars bygedra.

Nog 'n faktor wat taalverskuiwing raak, is die taalkeuse van gesinne in veral taalgemengde huwelike. In die 19de-eeuse Kaapkolonie het sommige Afrikaners in die oorwegend Engelse stede soos Kaapstad verengels, maar party afstammelingen van die Britse setlaars op die Afrikaanse platteland het verafrikaans, veral wanneer hulle met Afrikaners getroud was.

Die Ou-Testamentiese profeet Nehemia beskryf taalverskuiwing, en veral die rol van taalgemengde huwelike, in ongeveer 400 v.C. en ook die sterk gevoelens – in dié geval grotendeels van godsdienstige aard – wat daarmee gepaard gegaan het:

In dié dae het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het. En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook al; maar hulle kon geen Joods praat nie. Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself neem nie! (Nehemia 13:23–5; 1933/1953-Bybelvertaling)

Hoewel die verlies van funksies en status negatiewe gevolge vir 'n nedominante taal in 'n meertalige staat kan hê, veroorsaak dit nie altyd taalverskuiwing in die hele taalgemeenskap nie. Twee faktore kan dit beperk: ten eerste die houding van die sprekers teenoor hul taal en die mededingende taal, en ten tweede die getrouheid van die sprekers aan hul eie taal.

'n Positiewe houding teenoor die eie taal dien as steun vir pogings om dié taal binne 'n verskeidenheid domeine te gebruik, en dit verminder druk om die dominante taal aan te neem. Die status wat 'n taal internasionaal geniet, kan tot 'n positiewe houding bydra.

## **2.2 Taalhandhawing**

Taalverskuiwing as gevolg van 'n verlies van funksies en status kan net teengestaan word waar daar 'n redelik sterk mate van taalbewustheid en taalgetrouheid in 'n taalgroep bestaan, veral by die elite, wat in staat is om invloed uit te oefen deur middel van hul menings in die media, asook besluitneming wat die politieke en ekonomiese lewe raak.

Die belang van taalbewustheid word geïmpliseer deur die waarskuwing van kenners soos Holmes (1992:65–6) en Schlemmer (2010a) dat taalverskuiwing dikwels die gevolg is van

die onvermoë van 'n gemeenskap en sy leiers om in te sien dat hulle iets moet doen om hul eie taal te behou. Dit lyk vir die lede van 'n nedominante groep of hul eie taal geen voordeel inhou vir hulle of hul kinders nie, en hulle is dikwels onbewus van die gevaar dat hul taal kan verdwyn. Sonder aktiewe taalhandhawing is taalverskuiwing byna onvermydelik. So het taalgemeenskappe dikwels hul taal verloor sonder om bewustelik te besluit om dit te doen – hulle het doodgewoon nie die bedreiging raakgesien nie. Aanvanklik lyk dit belangrik om die dominante taal aan te leer ter wille van ekonomiese en sosiale sukses. Die eie taal lyk veilig, want “ons praat dit mos almal”, maar sonder bewuste handhawing kan dit binne drie generasies verdwyn.

'n Noodsaaklike voorwaarde vir taalhandhawing (dus alle optredes om die taal te behou en te bevorder) is 'n bewustheid van die bedreiging. Die leiers moet die gemeenskap bewus maak van die bedreigings maar tog nie op so 'n wyse dat dit tot 'n verlamme moedeloosheid en défaitisme lei nie.

Maar ewe noodsaaklik vir taalhandhawing is die wil om die bedreigde taal te laat voortbestaan. Die woord *taalgetrouheid* spreek eintlik vir homself, maar 'n omskrywing deur 'n baanbreker-ondersoeker van taalkontak, Weinreich (1968:99), is van pas. Hy noem dit na analogie van Kohn (1945:19) se definisie van nasionalisme 'n *idée-force* wat mense se verstand en hart vervul met nuwe gedagtes en gevoelens en hulle daartoe dryf om hul bewustheid in dae en georganiseerde handelinge om te sit.

Holmes (1992:69) meen dat taalverskuiwing stadiger verloop waar die sprekers 'n hoë waardering vir hul inheemse taal het. Waar die taal 'n belangrike simbool van volksidentiteit is, sal dit oor die algemeen langer behoue bly.

In die geskiedenis van Afrikaans het taalgetrouheid in die vorm van 'n taalbewuste etniese nasionalisme 'n lewensbelangrike rol gespeel om dit ná die Anglo-Boereoorlog te red. Afrikaans en Hollands het funksies en status verloor en Afrikaans was vir baie Afrikaners én nie-Afrikaners 'n taal waarop hulle neergesien het. Maar Afrikaanse politici, predikante, joernaliste en onderwysleiers het, soos Zietsman (1992:192) dit stel, die gedagte ingegrif dat dit die Afrikaner se nasionale, morele en selfs godsdienstige plig is om sy taal te bewaar. Taalgetrouheid het die primêre toets vir Afrikanerskap geword, en Afrikaners wat Engels as hul taal aanvaar het, is as volksverraaiers beskou en verag. Die taal en godsdienst was al wat hulle nog oor gehad het, en dít mog hulle nooit prysgee nie. Taalorganisasies, kerke, politieke partye, onderwysers- en vroueverenigings het aan die taalstryd deelgeneem.

Daar is twee soorte maatreëls waarmee 'n bedreigde taalgroep die verlies van funksies kan teëgaan wanneer onderhandelings met die maghebbers vrugtelos is. Die eerste is taalaktiwisme. Dit is 'n metode om verlore funksies terug te win of nuwe funksies te verwerf. Aktiwisme is 'n regte-georiënteerde proses deur middel waarvan verontregte burgers druk op maghebbers uitoefen om beleide, praktyke en strukture te verander. Dit sluit in drukgroepe (“lobbying”), ondersoeke, mediadekking, gemeenskapsmobilisering, en selfs geweld (Du Plessis 2004).



Die tweede manier van weerstand bied is die skep van selfhelpinstellings waarmee 'n soort deelsamelewing opgebou kan word. In groter taalgemeenskappe kan die behoud van die taal op meer as een domein moontlik wees – soos godsdiensoefening, 'n deel van die onderwys en sommige soorte werk.

Holmes (1992:59–60) maak 'n paar belangwekkende stellings oor taalhandhawing of taalverlies:

- In hoe meer soorte situasies of domeine 'n inheemse taal gebruik word, hoe waarskynliker is dit dat dit behou sal word.
- Hoe meer die domeine van die twee tale afsonderlik van mekaar bly, hoe sterker is die minder dominante taal om indringing deur die dominante taal te weerstaan.
- Wanneer daar minstens een domein is waarbinne alleenlik die inheemse taal gebruik word, is 'n gemeenskap die beste in staat om taalverskuiwing te weerstaan.
- Die huis is een domein waaroor enige gesin die meeste beheer het: veral waar daar grootouers of ouer familieledes is wat die taal gebruik, is dit soms moontlik om die taal te behou.

Wat die laaste punt betref: in 'n moderne samelewing is dit nie altyd moontlik om beheer oor die taalgebruik in die huis uit te oefen nie. Dit geld veral vir die taal van die televisie, terwyl dit juis 'n beduidende faktor in taalhandhawing kan wees, iets waarvan die taalstryd in Wallis getuig. In die Walliese taalstryd van die 1970's – beskryf deur skrywers soos Stephens (1978) – was die taalstryders oortuig dat “televisie die vernaamste moordenaar van die Walliese taal is” en “die belangrikste faktor wat 'n volk se kultuurkarakter vorm”. Gesinslede kan of wil nie noodwendig televisie kyk in die huistaal nie. Die Afrikaanse televisiekyker wat nie skotteltelevisie kan bekostig nie, is aangewese op die oorwegend Engelse programme van die SABC en e-tv.

## **2.3 Samevatting**

Taalverskuiwing is algemeen in meertalige lande, terwyl taalhandhawing voorkom in gemeenskappe waarin die intellektuele elite bewus is van die bedreiging wat die verlies van funksies en status vir die voortbestaan van die taal inhou, en ook bereid is om maatreëls te tref om dié soort verliese teen te gaan. Vervolgens let ons op die huidige tendense in Afrikaans.

## **3. Huidige tendense: taalverskuiwing en taalvermenging**

### **3.1 Inleidend**

Die mees omvattende onlangse ondersoek na taalverskuiwing in die Afrikaanse gemeenskap is vir die ABN-projek deur Schlemmer (2010a) onderneem en word in Duvenhage en Steyn (2010) behandel. Schlemmer het vir sy ramings gebruik gemaak van die All Media Products- (AMPS-) opnames. AMPS is die groot jaarlikse opnames van die SA Advertensie-Navorsingstigting (SA Advertising Research Foundation – SAARF). Die steekproewe is oorspronklik in samewerking met die Buro vir Marknavorsing van Unisa ontwerp.

Schlemmer vergelyk groepe wat kultureel en sosio-ekonomies naby mekaar staan, naamlik die wit en bruin Afrikaanssprekendes en die wit en bruin Engelssprekendes. Al vier groepe is minderhede met uitgebreide vroeëre en huidige onderlinge kontak. Die aantal wit volwassenes stel hy op grond van die 2008-opnames op 4,1 miljoen, en die totale wit bevolking op net onder 5 miljoen – dus heelwat meer as die amptelike syfers van 4,3 miljoen volgens die 2007/8-raming. Die bevolkingsgroei van volwassenes (16 jaar en ouer) onder Afrikaners het beduidend afgeplat tussen 2003 en 2008 en staan op nagenoeg 2,4 miljoen. Die aantal bruin Afrikaanse volwassenes groei baie vinnig aan en was in 2008 byna net soveel as die aantal wit Afrikaanse volwassenes, naamlik 2,15 miljoen. Die aantal wit Engelssprekendes was sowat 1,74 miljoen en die bruin Engelssprekendes 625 000.

Schlemmer verstrek belangwekkende sosio-ekonomiese gegewens. Hy bevind dat wit Engelssprekendes die welvarendste groep is en dat bruin Engelssprekendes se welvaart besig is om dié van wit Afrikaanssprekendes in te haal. Bruin Afrikaanssprekendes is nog ver agter wat welstand betref. Wit Afrikaanssprekendes het ná 1998 'n beduidende sosio-ekonomiese terugslag verduur, met 'n skerp daling van meer as 40 persent in die boonste lewenstandaardmaatstaf- (LSM-) prestasies. Behalwe aan werkverlies in die staatsdiens, kan die terugslag deels aan emigrasie te wyte wees, indien meer Afrikaans- as Engelssprekendes die land sou verlaat het (waaroor niemand eintlik seker is nie). Ná 2003 het die situasie blykbaar gestabiliseer.

Min of meer dieselfde patroon blyk uit 'n vergelyking van opvoedkundige prestasies. Wit Engelssprekendes het 'n 40 persent-voordeel oor Afrikaners wat tersiêre kwalifikasies betref, en bruin Engelssprekendes haal Afrikaners ook geleidelik op hierdie gebied in. Afrikaners het die laagste groeikoers in tersiêre prestasies – 'n 7,5 persent-toename tussen 2003 en 2008, vergeleke met dubbel die groeikoers onder wit Engelssprekendes, 'n verbasende toename van 100 persent+ en 200 persent+ onder bruin en swart mense onderskeidelik. Die relatief swak onlangse vertoning van Afrikaners is deels te wyte aan die uitwerking van emigrasie, maar Schlemmer stel ook die vraag of die strenger toelatingsvereistes vir wit studente aan verskeie universiteite nie tot die relatief swak toename in wit Afrikaanse tersiêre kwalifikasies bydra nie.

'n Bykomende faktor is die staat se beursbeleid. Slegs twee persent van wit studente ontvang beurse van die staat. Terwyl die aantal swart studente van 1993 tot 2008 met 326 302 (170 persent) en bruin studente met 23 647 (84 persent) toegeneem het, het die aantal wit studente met 44 860, of 20 persent, verminder.

'n Faktor wat die Afrikaanssprekende groep in sy geheel van die meer welgestelde Engelssprekendes onderskei, is die verskille in die grade van verstedeliking. Meer as 40 persent van bruin Afrikaanssprekendes en byna 30 persent van Afrikaners woon in klein dorpe of op die platteland, waar werkseleenthede en ekonomiese aansporings minder word. Onder bruin mense troon die hoogs verstedelike Engelssprekendes uit as rolmodelle van sukses, hoewel hulle in 'n mate deur 'n onstabiele gesinslewe teruggehou word. Hulle vind egter ongetwyfeld die meeste van al vier groepe baat by regstellende aksie in die staatsdiens en die sakewêreld.

Kortom, hierdie ondersoek toon dat wit Engelssprekendes welvarender is en opvoedkundig beter toegerus is as wit Afrikaanssprekendes. So ook is bruin Engelssprekendes welvarender en het hulle beter opvoedkundige kwalifikasies as bruin Afrikaanssprekendes; trouens, bruin Engelssprekendes is stadig maar seker besig om wit Afrikaanssprekendes in te haal wat kwalifikasies betref. Die persepsies kan daarom maklik ontstaan dat Engels as't ware die "taal van sukses", die "taal van diegene wat streef na sukses" en die "taal van aspirasies" is. Die uitwerking van sulke persepsies kan taalverskuiwing na die "sukses-taal" bevorder, hoewel veranderlikes soos taalgetrouheid, armoede en gebrek aan onderwys dit weer kan teëgaan. Wat die tendense in taalverskuiwing werklik is, word in die volgende afdeling uiteengesit.

### 3.2 Taalverskuiwing

Schlemmer vergelyk in sy ondersoek die getalle wit en bruin Afrikaanssprekendes en die getalle wit en bruin Engelssprekendes soos dit oor 15 jaar verander het. Die AMPS-ramings vir 1993, 1998, 2003 en 2008 word in Tabel 1 aangegee: (Klik op die tabel om dit te vergroot.)

AMPS: GERAAMDE GETALLE 16 JAAR+ VOLGENS HUISTAAL, 1993-2008 (IN DUISENDE)				
JAAR VAN OPNAME	WIT AFRIKAANS	WIT ENGELS	BRUIN AFRIKAANS	BRUIN ENGELS
1993	2254	1691	1741	347
1998	2314	1741	1838	488
2003	2355	1754	2012	450
2008	2359	1740	2134	625

**Tabel 1. Geraamde getalle volwassenes volgens huistaal**

Hoewel die syfers vir bruin Engelssprekendes onstabieleiteit vertoon, is die groei onder hulle so sterk dat daar beslis taalverskuiwing van Afrikaans na Engels plaasvind. 'n Ondersoek na die ouderdomspersentasies toon dat taalverskuiwing onder bruin mense in die skooljare plaasvind, omdat bruin skole toenemend Engels as voertaal verkies. Tog is die aanwas onder bruin Afrikaanssprekendes blykbaar aan die toeneem terwyl dit relatief verswak onder bruin Engelssprekendes, ondanks die taalverskuiwing van Afrikaans na Engels.

## Ouderdomsverskuiwing: 2003-2008

	Wit A fr 2008	Wit A fr 2003	Br A fr 2008	Br A fr 2003
16-24j	16,6%	18,1%	23,6%	26,5%
25-34j	18,9	20,7	24,0	25,3
35-49j	29,1	28,6	31,2	29,6
50j +	35,5	32,5	21,2	18,6

**Tabel 2. Ouderdomsverskuiwing binne Afrikaanssprekendes 2003-2008**

Persentasiegewys het die wit Afrikaanse volwassenes van 57,1 persent in 1993 tot 57,6 persent in 2008 toegeneem, terwyl die persentasies onder bruin volwassenes van 83,4 persent in 1993 tot 77,3 persent afgeneem het.

Die matige groei in die persentasie wittes met Afrikaans as huistaal versluier 'n beperkte taalverskuiwing. Onder bruin volwassenes daal die persentasie met Afrikaans as eerste taal weens taalverskuiwing. Tog wys vorige resultate dat die Afrikaanssprekende bruin groep gesond groei, veral buite die Kaapse Skiereiland. Daar is waarskynlik streekspolarisering aan die ontwikkel – die verengelsingproses kan grotendeels'n Kaapstadse metropolitaanse verskynsel wees.<sup>2</sup>

Altesaam is daar 4,67 miljoen mense wat Afrikaans as huistaal gebruik, 6,29 miljoen mense wat Afrikaans mééstal praat, of dit óók praat, en 11,9 miljoen mense in huishoudings wat Afrikaans lees. By hierdie persentasies is swart mense ingesluit. Afrikaans speel du'n rol in byna een kwart van alle huishoudings in die land. Die intensiteit van gebruik varieer aansienlik, maar die invloed van Afrikaans strek veel verder as na die mense wat dit as eerste taal gebruik.

Om saam te vat: terwyl Afrikaanssprekende getalle gesonde groei openbaar, is daar gevaartekens in die sin dat daar 'n taalverskuiwing na Engels plaasvind, veral onder jongmense van skoolgaande ouderdom en onder die ontluikende bruin middelklas. Dit kom neer op 'n neiging om Engels te praat as 'n simbool van sukses, en dit kan tot meer algemene statusverlies vir Afrikaans lei.

### 3.3 Taalvermenging

Die AMPS-opnames dui op die uitkring van die gebruik van Engels as addisionele taal, veral sedert 2003. Waar Engels in 2003 in 30,1 persent van wit Afrikaanse huishoudings gebruik is, was dit 50,4 persent in 2008; daarteenoor was Engels in 2003 'n addisionele taal in 36,9 persent van bruin Afrikaanse huishoudings, en in 2008 in 45,4 persent. Bruin mense was vroeër die meeste geneig om hul taal met Engels te vermeng, maar in vyf jaar het taalvermenging binne wit Afrikaanse huishoudings bruin mense se gebruik nie net ingehaal nie, maar verbygesteek. Die mate waarin dit gebeur, wissel baie: van 'n Engelse woord hier en daar tot die invoeging van hele sinne. Schlemmer sê dit lyk of die Afrikaanssprekendes dalk besig is om terug te keer na die situasie van 'n eeu gelede, toe baie Afrikaners Nederlands of Engels gebruik het vir formele of tegniese kommunikasie (en selfs in minnebriewe). Hy meen dat dit moontlik 'n gevaarteken vir Afrikaans is.

Die tendens waarop Schlemmer wys, hou klaarblyklik verband met die toenemende gebruik van “Engfrikaans” – sommige Afrikaanssprekendes se benaming vir die soort Afrikaans wat erg met Engels gemeng is. Dit het van informele taal gevorder tot in kerke en lesingsale, baie toneelstukke en TV-programme, en selfs boeke.

Ten opsigte van taalvermenging verskil Afrikaans van ander tale wat ook baie Engelse woorde oorneem, soos Nederlands, Duits en Frans. Nie een van hierdie tale word deur taalverskuiwing na Engels bedreig nie, en hulle is gevestigde amptelike tale. Die gebruik van Afrikaans is in 'n groot mate beperk, soos uit die volgende afdeling sal blyk, sodat dit in baie minder formele situasies gepraat en veral geskryf word. Selfs kerklike Afrikaans, wat vroeër baie formeel was, is nou veel meer informeel en vatbaar vir taalvermenging.

### ***3.4 Samevatting***

Wit en bruin Engelssprekendes is welvarender en het beter naskoolse opleiding ontvang as onderskeidelik wit en bruin Afrikaanssprekendes. 'n Redelik groot mate van taalverskuiwing na Engels vind plaas by bruin Afrikaanssprekendes, en in 'n kleiner mate by wit Afrikaanssprekendes. Oor die algemeen word taalverskuiwing veroorsaak deur verlies aan funksies en status, en dit is ook groter as remmende faktore ontbreek. Op sulke remmende faktore is in 2.1 gewys. Dáár is betoog dat 'n nedominante taal langer behoue gaan bly waar die taal 'n belangrike simbool van volksidentiteit is. Die Afrikaanse taal is reeds meer as 'n eeu lank 'n belangrike simbool van Afrikaner-identiteit, terwyl bruin Afrikaanssprekendes Afrikaans eerder as kommunikasiemiddel beskou (meer hieroor in 6.3). Dit is waarskynlik een van die redes vir die groter taalverskuiwing onder bruin as onder wit Afrikaanssprekendes. Dit is 'n vraag of Afrikaans as simbool van identiteit veilig is by wit Afrikaanssprekendes. Daarop, en op ander faktore wat 'n rol by taalverskuiwing speel, word in afdeling 4 ingegaan.

## **4. Oorsake van funksie- en statusverlies van Afrikaans**

### ***4.1 Globalisering***

Globalisering is 'n proses waardeur ekonomieë, samelewings en kulture toenemend geïntegreerd raak in 'n globale netwerk van gemeenskaplike idees en beskouings, deur middel van kommunikasie, vervoer en handel.

Globalisering in die vorm van handel tussen gemeenskappe van verskillende kulture en oor groot afstande heen is 'n eeue oue proses. Die huidige situasie verskil egter omdat moderne vervoer en kommunikasie hierdie tipe integrasie uiters maklik maak. Die term *globalisering* word ingespan om 'n verskeidenheid uiteenlopende fasette van die moderne lewe te beskryf: ekonomies, sosiaal, polities en kultureel. Miskien is die eenvoudigste en makliks verstaanbare omskrywing van globalisering dié van Kenichi Ohmae, naamlik “'n grenslose wêreld”. Hierdie beskrywing impliseer die totstandkoming van supraterritoriale assosiasies tussen mense, waar state se grense minder belangrik (selfs totaal niksseggend) word. Interkontinentale telekommunikasiekabels en satellietegnologie maak dit moontlik om beeld, klank en teks oombliklik na die uithoeke van die aardbol uit te saai. Immervloeiende elektroniese valuta stroom oor die wêreld heen (gefasiliteer deur inligtingstechnologie) wat verseker dat beleggers onmiddellik op ekonomiese gebeurtenisse kan reageer, ongeag tyd of afstand.

Ekonomiese globalisering (oftewel die globalisering van kapitalisme) het sonder twyfel die grootste impak op die huidige internasionale bestel. Die feit dat invloedryke multinasionale besighede kapitaal en arbeid met gemak van die een staat na ander kan verskuif, en ekonomieë derhalwe positief of negatief beïnvloed, maak hulle nou ook belangrike rolspelers in die internasionaal-politieke sfeer. Regerings pas toenemend binnelandse ekonomiese beleid aan om hul state so aantreklik moontlik vir buitelandse beleggers te maak. Hierdeur word die outonomie van (veral ontwikkelende) state ondermyn.

Verder lyk dit ook asof globalisering 'n vername kulturele impak teweegbring. Kommoditeite en neigings wat in een deel van die wêreld ontstaan (dikwels die Weste), het blitsvinnig 'n uitwerking op kulture elders. Mettertyd verdwyn kulturele verskille en eiesoortighede, en generiese kultuur vat pos – dikwels word daarna verwys as die “McDonaldsifisering” van die samelewing.<sup>3</sup>

Globalisering het voor- en nadele vir Afrikaanssprekendes. Entrepreneurskap bied in die globaliserende omgewing die moontlikheid om die mark te betree. Maar globalisering lei ook tot die verengelsing van hoëvlak-taalgebruik in die hele wêreld, wat die handhawing van veral nedominante tale soos Afrikaans baie moeiliker maak as in die verlede. Die funksies en status van Engels in die globaliserende wêreld maak die beheersing van Engels onontbeerlik.

Giliomee en Schlemmer (2006:12-29) toon aan hoe faktore soos die uitbreiding van die internasionale handel, die verspreiding van demokrasie, die groei van die kapitalisme, die georganiseerde godsdiens, en die gebruik van Engels as die voertaal van internasionale organisasies, wetenskaplike publikasies en kongresse hierdie taal bevorder. Die negatiewe uitwerking daarvan op kleiner tale word vererger wanneer regerings bowendien die regte van sulke tale verontagsaam – soos in Suid-Afrika.

## 4.2 Transformasie

“If *transformation* has developed into the master concept of our post 1994 public order, representivity is the principal instrument for achieving transformation”, betoog Malan (2010a:427) tereg. Die beginsel van verteenwoordigendheid vereis dat die profiel van die nasionale bevolking van Suid-Afrika in instellings en georganiseerde sferes weerspieël moet word. Dit het nog nie oral in die samelewing neerslag gevind nie, maar het reeds een van die voorste strategieë geword wat vir die bevordering van transformasie aangewend word. Verteenwoordigendheid word op enkele plekke in die Grondwet vermeld, en in talle statutêre reëlings word by die samestelling van liggames vereis dat dit die nasionale bevolkingsprofiel moet weerspieël. Na die oordeel van verskeie vooraanstaande kommentators speel dit in sowel die reg as die politiek ’n toonaangewende rol. Malan (2010a:433) haal ’n senior advokaat, Paul Hoffman, aan wat verklaar dat wat gebeur het met swart ekonomiese bemagtiging en maatreëls vir regstellende aksie, is dat verteenwoordigendheid, wat volgens die Grondwet net van toepassing is op regters en staatsamptenare, uitgebrei is sodat dit van toepassing geword het op die burgerlike samelewing, sakewêreld, vrywillige organisasies, en die hele nieregeringsorganisasie-sektor.

Malan (2010a:448-9) betoog dat verteenwoordigendheid slegs beperkte toepassing behoort te hê, naamlik op die terrein van nasionale liggames wat sake behartig waarby almal ’n gelyke belang het (“bodies representing *equal stake common interests*”). Daar behoort geen plek vir verteenwoordigendheid in ’n demokratiese samelewing te wees nie, aangesien dit die oornam van die georganiseerde sferes van minderhede deur ’n getalryke dominante meerderheid – en derhalwe algemene meerderheidsoorheersing – in die hand werk, homogenisering meebring, en sistemiese ongelykheid tot die nadeel van minderhede bewerkstellig.

Malan (2010a:439-43) ontleed die uitwerking wat verteenwoordigendheid op Afrikaans en ander inheemse tale in verskillende kategorieë staatsinstellings gaan hê indien dit tot sy volle konsekwensies deurgevoer word. Kommunikasie tussen personeel van sulke instellings en lede van die publiek sal vertaal moet word, of andersins moet plaasvind in ’n taal of tale waarvan albei kante ’n basiese beheersing het, en dit sal in die meeste gevalle Engels wees.

Onder meer kyk hy na plek- en kultuurgebonde instellings soos universiteite en radiostasies. Die ses (deels) tweetalige Afrikaanse/Engelse universiteite (NWU, Unisa, UJ, UP, US en UV) is geleë in gebiede met ’n aansienlike Afrikaanse bevolking en hulle verskaf dus ook onderrig in Afrikaans. Die toepassing van nasionale verteenwoordigendheid in sulke instellings sal daartoe lei dat wit personelede, van wie die meeste Afrikaanssprekend is en onderrig in Afrikaans (en Engels) voorsien, die instelling sal moet verlaat om plek te maak vir swart mense. ’n Baie klein minderheid van laasgenoemde sal Afrikaans goed genoeg beheers om daarin onderrig te kan gee, en verteenwoordigendheid sal dus die einde van Afrikaans as universiteitstaal meebring. In so ’n scenario sal alle universiteite Engels word.

Dieselfde vernietigende gevolge sal radio- en televisiestasies tref wat in ’n spesifieke taal uitsaai. Taalminderhede weerspieël nie die nasionale bevolkingsprofiel nie. Die bestuur en

personeel van Afrikaanse radio- en televisiestasies sal uiteindelik 'n aansienlike aantal nie-Afrikaanssprekendes moet insluit, en die interne taal sal Engels wees.

In die volgende afdelings word gewys op gevolge wat transformasie reeds gehad het.

#### 4.2.1 Staatsdiens, staatskorporasies en privaatsektor

'n Gevolg van regstellende aksie en verteenwoordigheid was die “etniese suiwering” (Giliomee 2010) van wit mense uit die staatsdiens. Dit het begin met 'n “gekoopte revolusie” (Giliomee 2004:620). Groot bedrae is bestee om wit amptenare uit poste in die staatsdiens te verwyder. 'n Vergelyking van die persentasie staatsamptenare uit die verskillende bevolkingsgroepe in 1994 met dié in 1996 toon hoe vinnig die proses verloop het. In 1994 was 52 persent van die werknemers in die staatsdiens wit, 42 persent swart, 4 persent bruin en 2 persent Indiër. In 1996 was dit 65 persent swart, 23 persent wit, 9 persent bruin en 3 persent Indiër (Duvenhage en Steyn 2010:39).

Die volgende tabel (Duvenhage en Steyn 2010:39) toon die afname van die persentasie wit mense in 'n aantal staatsdepartemente: (Klik op die tabel om dit te vergroot.)

DEPARTEMENT	% WIT (1994)	% WIT (2008)	% AFNAME	WIT PERSONE AS % VAN BESTUUR
Korrektiewe Dienste	40	14	65	15
Buitelandse Sake	48	25	48	23
Verdediging	39	15	62	17
Openbare Ondernemings	56	20	64	27
Behuising	50	18	64	19
Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling	22	13	41	41
Provinsiale en Plaaslike Regering	14	13	7	19
Nasionale Tesourie	46	27	41	33
Regeringskommunikasie en Inligtingstelsel	23	12	48	7
Onafhanklike Klagtesdirektoraat	29	8	72	6
Wetenskap & Tegnologie	41	6	85	0
Binnelandse Sake	55	12	78	3
SAID	*	35	*	30
Nasionale Intelligensie	67	32	52	30
Handel en Nywerheid	54	18	67	32

**Tabel 3. Persentasie wit mense in 'n aantal staatsdepartemente**

Teen 1998 is 56 985 uittreppakkette aan hoofsaaklik wit amptenare buite die weermag toegeken en teen 2002 was dié getal meer as 120 000 (Giliomee 2004:620). In 1999 was 56 persent van die mees senior staatsamptenare (direkteurs-generaal en hul adjunkte) en 42 persent van die ander bestuursposte (direkteurs en hoofdirekteurs) nie wit nie (Giliomee 2009).

Ook die staatskorporasies is getransformeer deur senior wit personeel op groot skaal uit die dienste te laat tree. Die beleid van verteenwoordigheid is voorts in die privaatsektor toegepas. Medium en groot sakeondernemings is met swaar boetes gedreig indien hulle nie die teikens van regstellende aksie kon haal wat hulle vroeër aan die staat voorgelê het nie.



Solidariteit het onlangs navorsing bekend gestel wat die impak van die Wysigingswetsontwerp op Billike Werksgeleenthede (Employment Equity Act) vir veral die bruin en Indiërgemeenskappe voorspel (SRI 2011). Die wysigingswetsontwerp stel voor dat die teikens vir gelyke indiensneming in provinsies volgens die nasionale demografie bepaal moet word. In die Wes-Kaap, waar net 29,1 persent van die ekonomies aktiewe bevolking (EAB) swart is, sal die teiken vir swart indiensneming opgeskuif word van 29,1 persent na 73,7 persent. Dit sal hoofsaaklik ten koste van bruin werkers wees, wat tans sowat 54,8 persent van die Wes-Kaap se EAB uitmaak. Volgens Solidariteit beteken dit in reële termë verlies van 1 512 554 bruin werksgeleenthede. Die ANC het Solidariteit se navorsing verwerp en dit beskryf as “rassepolitiek” (*Mail & Guardian Online* 2011).

’n Gevolg van transformasie is ’n ingrypende inkorting van die funksies van Afrikaans. In die staatsdiens en die staatskorporasies is Afrikaans as werkstaal en kommunikasiemedium prakties uitgeskakel, omdat daar min mense oorgebly het wat Afrikaans kon gebruik. Engels het die taal geword vir weermag- en polisie-opleiding.

Kennis van Afrikaans was van ekonomiese waarde terwyl Afrikaans en Engels die enigste landwye amptelike tale was. Kennis van dié twee tale was onontbeerlik vir aanstelling en bevordering in die staatsapparaat. Vandag is kennis van Engels noodsaaklik, en kennis van Afrikaans weliswaar nie waardeloos nie, maar van minder waarde as vroeër.

#### **4.2.2 Omgangstaal**

Wat funksieverlies vir Afrikaans in die hand werk, is die feit dat Engels die werkstaal en omgangstaal in die meeste taalgemengde situasies in stedelike gebiede is, behalwe waar tolkdienste bestaan. In die reël is integrasie van sprekers van verskillende tale op die duur vernietigend vir nedominante tale. Dit blyk ook daaruit dat dubbelmediumonderwys in Suid-Afrika gou Engelsmedium word. Integrasie het in ’n polities-korrekte samelewing soos die Suid-Afrikaanse ’n mooi klank: Schlemmer (2010b) sê dat die middelklasse in die huidige postmoderne fase van liberale heerskappy verknog is aan integrasie en dikwels net nie verstaan waarom sekere minderhede dié besonder toonaangewende hemel van versoening sal wil verlaat om partikuliere identiteite aan te hang nie.

#### **4.2.3 Taal van regspleging**

Malan (2009) en die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (waaroor in 5.4 meer) toon aan hoe die inheemse tale, maar veral Afrikaans, benadeel word deur die blindelinge toepassing van die beleid van verteenwoordigheid sonder om plaaslike omstandighede in ag te neem. Die plaaslike taaldemografie en die behoeftes van gemeenskappe word geïgnoreer sodat personeel aangestel word wat nie in staat is om die publiek van die omgewing waarin hulle aangestel is, in die taal of tale van daardie omgewing te bedien nie. In talle gevalle word landdroste, staatsaanklaers, staatsadvokate, polisie en ander amptenare aangestel wat Afrikaans nie magtig is nie en daarom die Afrikaanse publiek nie daarin kan bedien nie. Dit bring mee dat pleitstukke in siviele sake waarby uitsluitlik Afrikaanse persone betrokke is, in Engels vertaal moet word sodat die voorsittende beampte dit kan verstaan. Om dieselfde rede

moet getuienis vir voorsittende beamptes in Engels in getolk word. Die betrokke partye moet self die koste van die vertaal- en tolkwerk dra. In strafsake dra die staat wel die koste van tolke. Waar die strafhowe nog al die jare goed ingerig was om tussen Engels of Afrikaans en die Afrikatale tolkdienste te verskaf, was en is die howe nie ingerig vir tolkwerk tussen Engels en Afrikaans nie. Sulke dienste is óf nie beskikbaar nie óf is van so 'n swak gehalte dat Afrikaanse getuies en beskuldigdes verkies om in Engels te getuig, dikwels tot hul eie nadeel.

Verteenwoordigendheid is nadelig vir die sprekers van al die inheemse tale, maar dit tref Afrikaans nadeliger as die ander tale. Die rede hiervoor is dat rasseverteenvoordingheid dikwels bewerkstellig word sonder dat dit enige nadeel vir die Afrikatale en hul sprekers inhou. Dit kan egter nie sonder enige nadeel vir Afrikaans en sy sprekers toegepas word nie.

Malan (2009) verwys verder na onlangse hofuitsprake wat die neiging toon om duidelike grondwetlike taalbepalings met minagting te behandel. In een van die sake was daar geen belangstelling hoegenaamd om die amptelike Afrikatale te bevorder nie, selfs in omstandighede waarin dit prakties sou wees. Sommige van die stellings van die hof kom bowendien neer op 'n pleidooi vir die afskaffing van Afrikaans as taal van rekord en daarmee saam die klein bietjie amptelike veeltaligheid wat nog in die howe oorgebly het. Die betrokke regter het gesê:

After all, English already is a language used in international commerce and international transactions are concluded exclusively in the English language. Although some stakeholders would take it with a pinch of salt, sanity would tip the scale in favour of English as the language of record in court proceedings, particularly in view of its predominance in international politics, commerce and industry.

Malan bespreek die regter se uitspraak krities en sê onder meer dat selfs as dit waar sou wees dat internasionale transaksies net in Engels plaasvind – wat nie die geval is nie – die vraag ontstaan hoe dit ter sake kan wees wanneer besluit moet word wat die rekordtaal in 'n Suid-Afrikaanse hof moet wees.

#### ***4.2.4 Televisietaal***

Afrikaans het funksies en status verloor deur die afskaling van Afrikaans as televisietaal. Die openbare uitsaaier bied geen volwaardige Afrikaanse televisiediens aan nie. Afrikaans deel 'n kanaal met die Sotho-tale en Engels, terwyl daar reeds 'n volledig Engelse kanaal is en een waarin die Nguni-tale saam met Engels gebruik word. Die SABC maak geen jeugprogramme in Afrikaans nie. Die hele diens is ingestel op die bevordering van Engels. Soms word byskrifte gegee – maar alleenlik in Engels, selfs waar die dialoog in Engels gevoer word. Die Afrikaanse kanale kykNET en die Afrikaanse kanaal van TopTV is deel van skotteldienste wat net die hoëinkomstegroep kan bekostig.

#### ***4.2.5 Taal van plekname***

Ten opsigte van plekname tree die politieke maghebbers op asof hulle alles wat die Afrikaners tot stand gebring het, uit die kollektiewe geheue van die bevolking wil uitwis. Volgens die Departement van Kuns en Kultuur was meer as 'n derde van die 328 naamsveranderings van 2000 tot Januarie 2010 dié van Afrikaanse plekname wat in die slag gebly het. Net 28 (of 3 persent) van die 849 name wat die afgelope 14 jaar aan nuwe woonbuurte, nedersettings, nasionale kernpunte en geografiese plekke gegee is, was Afrikaans. Minstens 118 Afrikaanse name van geografiese plekke soos berge, riviere en strome, asook vir provinsiale geboue, nedersettings, hospitale en stasies, is die afgelope tien jaar verander, veral in Mpumalanga (minstens 66) en in Limpopo (33). Hierdie plekname het selde 'n historiese verbintenis met politieke leiers en gebeurtenisse gehad en was meestal Afrikaanse beskrywende woorde, soos Wolwekraal en Treurrivier (*Beeld*, 13 Oktober 2010).

Daar word steeds pogings aangewend om meer name te vervang, veral dié wat op Afrikaner-strewes en -prestasies betrekking het, soos Bloemfontein en Pretoria. Eersgenoemde was die hoofstad van die 19de-eeuse staat wat deur buitelanders as 'n modelrepubliek beskou is, terwyl Pretoria die simbool is van die Afrikaners se weerstand teen die Britse imperialisme en oorweldiging deur Engels.

#### 4.2.6 Universiteite

'n Faktor wat 'n groot impak op Afrikaans as universiteitstaal gehad het, is transformasie en dalende getalle Afrikaanssprekendes. Die ANC-beleid soos in 2002 geformuleer, bepaal dat daar nie van swart studente verwag kan word om deur medium van Afrikaans aan 'n historiese Afrikaanse universiteit te studeer nie. Enkelmedium-Afrikaans is toelaatbaar, solank dit nie "gelyke toegang" verhoed nie. Afrikaans kan die primêre medium van onderrig wees, maar nie noodwendig die enigste medium nie. Engels het 'n "super-norm" geword, soos die registrateur van een universiteit dit gestel het. Die staat voorsien nie geld vir die verdubbeling van lesings nie, en die universiteite het die las van die duplikasie van lesings afgeskuif na die dosente, wat dit as 'n "taal-taks", 'n "taal-belasting" beskou (Giliomee 2009 en 2010).

Tog is die Universiteit van die Vrystaat nog in staat om parallelmediumonderrig aan te bied, sodat 'n Afrikaanse voorgraadse opleiding daar nog moontlik is. Dit is ook, deur die gebruik van tolkdienste, moontlik aan die Potchefstroomkampus van Noordwes-Universiteit. Aan die Universiteite Pretoria en Stellenbosch word 'n kombinasie van modelle aangebied, en is 'n groot deel van die voorgraadse opleiding slegs in Engels beskikbaar.

Teenstand van studente, alumni en Afrikaanse kultuurorganisasies het langsamerhand gegroei. Hulle het besef dat dubbelmedium en selfs parallelmedium op die duur die oorlewing van Afrikaans bedreig. 'n Opname in 2007 onder Stellenbosse studente het getoon dat meer as 80 persent van die Afrikaanse studente onderrig deur Afrikaans verkies, of geen beswaar daarteen het nie, maar byna die helfte van die groep het gevoel dat die nalatenskap van apartheid hulle daarvan weerhou om taaleise te stel (Giliomee 2009:698–9).

Giliomee (2010) beklemtoon dat tweetaligheid in 'n instelling telkens daartoe lei dat die kleinste taal ondermyn word. Jean Laponce, 'n Frans-Kanadese taalkundige, noem dubbel- en

parallelmedium die “oorgangsmediums” wat die uitwissing van die kleiner taal inlui. In Suid-Afrika het die universiteite vir tegnologie, vroeër teknikons, asook die beroepsopleiding van die private en staatsektor, dan ook totaal verengels (meer hieroor in 4.4).

#### **4.2.7 Skole**

Die aantal Afrikaans-enkelmediumskole het drasties verminder, deels om demografiese redes. Giliomee (2009:698) wys daarop dat ’n kombinasie van regeringsdruk, demografiese veranderings en ouerkeuse daartoe gelei het dat die persentasie Afrikaanse kinders wat enkelmediumskole bywoon, van 90 persent in die vroeë 1990’s tot 60 persent in 2004 gedaal het; 14 persent van wit Afrikaanse kinders het na Engelse skole gegaan.

Onderwysdepartemente het in sekere gevalle Afrikaanse skole se voertaalbeleid verander en hierdie besluite kon soms slegs met moeite en groot koste verander word. ’n Paar van die opspraakwekkendste sake word hier onder beskryf.

##### **4.2.7.1 Middelburg**

’n Senior amptenaar van die Onderwysdepartement van Mpumalanga het die Laerskool Middelburg, ’n Afrikaans-enkelmediumskool, op 28 November 2001 gelas om vanaf die begin van 2002 na parallelmedium oor te skakel en 20 leerlinge in te skryf wat die skool deur medium van Engels moes onderrig. Die skool het geweier, en die Departement het in Januarie 2002 die skoolhoof se bevoegdheid ingetrek om leerlinge in te skryf. ’n Amptenaar het die kinders ingeskryf wat Engelsmediumonderrig wou ontvang – daar was aanvanklik agt, maar die getal het later aangegroei tot 24. Die amptenaar was vergesel van politici, wat in toesprake transformasie geëis het. Nie hulle óf die Departement het enige onderrigmateriaal verskaf nie en die skool moes dit self uit eie fondse doen. Die onderwysdistrik het minstens twee parallelmediumskole en een Engelse enkelmediumskool gehad waar die kinders kon ingeskryf het.

Die hof het die skool se aansoek om die Departement se optrede ter syde te stel, van die hand gewys. Die hof het wel die onderwysowerhede skerp gekritiseer omdat hulle nie net strydig met administratiewe voorskrifte opgetree het nie, maar boonop die onderhawige aansoek met mag en mening bestry het terwyl hulle uit die staanspoor moes geweet het dat hul administratiewe optrede ontoelaatbaar was. Hoewel die Departement klaarblyklik op die skool en die beheerliggaam se bevoegdhede inbreuk gemaak het, het die saak voor die hof gedien nadat die kinders sowat agt maande in die skool was. Die betrokke leerlinge het teen hierdie tyd reeds ’n belang gevestig om in die skool aan te bly.

In sy kommentaar op die saak wys Malan (2010:279–80) daarop dat die hof gelas het dat die skool na parallelmedium moes oorskakel ter wille van die kinders wat reeds in Engels onderrig is. Hiermee is die onderwysowerhede se onregmatige optrede as’t ware gekondoneer en die beheerliggaam se bevoegdhede met betrekking tot die bepaling van die taalbeleid van die skool volledig ongedaan gemaak:

In die finale instansie was die les van die saak vir die onderwysowerhede dat onregmatige optrede 'n voldonge en onomkeerbare feit daarstel – *possession is 90% (of 100%) of the law*. Dus, knou die beheerliggaam af, loop die skool storm en vestig 'n *fait accompli*. Niks kan daarna omtrent die saak gedoen word nie en die kwaadwillige onderwysowerhede het hulle sin gekry. In die toekoms kan hulle net weer dieselfde beproefde resep volg. Die bevel van die hof in *Middelburg* is om hierdie redes verkeer.

#### 4.2.7.2 Mikro

Die tweede saak was dié van die Laerskool Mikro van Kuilsrivier teen die Onderwysdepartement van die Wes-Kaap, wat toe onder ANC-beheer was. Hierdie Afrikaansmediumskool het 'n opdrag van die Departement teengestaan om Engelse leerlinge in te neem en dus sy taalbeleid te verander. Een van sy oorwegings was dat daar nie klaskamers was om ook deur medium van Engels klas te gee nie.

Rossouw (2005) en Lubbe (2006) gee 'n oorsig van die talle vergaderings wat gehou is en die ander stappe wat gedoen is, insluitend 'n regsaksie van die beheerliggaam van die skool teen die Departement en die Wes-Kaapse LUR vir onderwys, Cameron Dugmore. Regter Thring het uitspraak teen die Departement en die minister gegee.

Een van die belangwekkende dinge wat die regter gesê het, was dat, waar die beheerliggaam van 'n skool verkies het om een taal as onderrigmedium te gebruik, die instelling van 'n tweede onderrigtaal “onvermydelik 'n invloed moet hê op die *modus vivendi*, die gebruike, tradisies en bykans elke aspek van die atmosfeer wat in die skool vaardig is”. Voorbeelde is skoolbyeenkomste, ouervergaderings, kennisgewings, korrespondensie tussen die skool en ouers, skoolrapporte, die leuse, die skoollied en die skool se grondwet.

Die regter het ook ingegaan op 'n argument wat gereeld teen die aanspraak op moedertaalonderwys gebruik word, naamlik dat dit die grondwetlike reg op gehalte-onderwys sou verydel. Hy het 'n uitspraak van prof. Rassie Malherbe aangehaal:

Enige persepsie dat enkelmediuminstellings die regstelling van diskriminasie in die verlede verhinder, is ongegrond. [...] Moedertaalonderwys is in feite 'n kragtige werktuig om onderwysgeleenthede na alle Suid-Afrikaners uit te brei. Navorsing het die korrelasie tussen moedertaalonderrig en optimale onderwysvoortgang bevestig. (Rossouw 2005:11.).

#### 4.2.7.3 Ermelo

Die Hoërskool Ermelo, 'n vooraanstaande Afrikaanse skool en een van slegs twee oorblywende Afrikaans-enkelmediumhoërskole in Mpumalanga, het in 2002 'n eerste aanslag van die Onderwysdepartement op sy taalbeleid oorleef: ná 'n hofsaak het die skool Afrikaans gebly.

Toe die beheerliggaam in 2007 weier om die skool parallelmedium te maak en die hoof ook weier om 'n aantal leerlinge in te skryf wat onderrig deur medium van Engels wou hê, het die

Departement 'n tussentydse beheerliggaam aangestel wat 'n nuwe taalbeleid (parallelmedium) opgestel het. Die bestaande beheerliggaam se bevoegdheid om die skool se taalbeleid te bepaal is met onmiddellike effek ingetrek. Die beheerliggaam het dadelik suksesvol by die hooggeregshof 'n interdik teen die Onderwysdepartement verkry. Enkele dae daarna is 'n volbank van die hof haastig deur die regterpresident saamgestel om 'n hersieningsaansoek aan te hoor. Die hof het die skool se aansoek van die hand gewys en die Onderwysdepartement gelyk gegee.

Die Appèlhof het nie saamgestem nie en beslis dat die departementshoof se intrek van die beheerliggaam se bevoegdheid om die taalbeleid te bepaal, onregmatig was; dat die aanstel van die tussentydse komitee eweneens onregmatig was; en dat die besluit wat deur die onregmatig-aangestelde komitee oor die nuwe taalbeleid geneem het, ongeldig was. Die hof het egter ook gelas dat die leerlinge wat sedert 25 Januarie 2007 in Engels in die skool onderrig word, tot die einde van hul skoolloopbane onderrig in Hoërskool Ermelo moet ontvang.

Die Konstitusionele Hof (KH) het die appèl van die Onderwysdepartement van die hand gewys. Dié uitspraak is egter beduidend verskillend van die uitspraak van die Appèlhof. Dit was vir die KH belangrik dat terwyl ander skole in die omgewing heeltal vol was, die skool nog leë sitplekke gehad het. Dit lyk of die hof nie die skool se verweer aanvaar het dat hy alle klaskamers benut en sommige klaskamers vir spesialisvakke met min leerlinge gebruik nie. Die hof het onder meer die beheerliggaam opdragte gegee om die skool se taalbeleid te hersien en binne een maand daarvoor aan die hof te rapporteer. Die beheerliggaam moes ook die skool se afnemende leerlingstal in ag neem en die groot vraag deur graad 8-leerlinge na onderrig deur medium van Engels verreken. Die beheerliggaam het daarna die skool se enkelmediumbeleid verander om ook leerlinge toe te laat wat Engels as onderrigmedium verkies.

Malherbe (2010) en Malan (2010b) bespreek die Ermelo-saak indringend en lewer albei kommentaar. Malherbe meen dat die KH 'n gulde geleentheid laat verbygaan het om helderheid oor taal in skole te bring. Die hof verklaar self dat die saak oor taalregte handel, en spesifiek oor artikel 29(2) van die Grondwet (wat bepaal dat elke persoon die reg het op onderrig in die taal van sy keuse, indien dit redelik doenlik is), maar laat dan na om dié artikel behoorlik te ontleed en op die Ermelo-situasie toe te pas:

Dit is betreurenswaardig, omdat die hof nie daarin slaag om die spekulasie oor die betekenis van artikel 29(2) te besweer en duidelike leiding daarvoor te verskaf nie. Hoeveel litigasie oor artikel 29(2) is dan nog nodig om oor hierdie netelige saak helderheid te kry? (Malherbe 2010:622)

Malan wys daarop dat die uitspraak selfs meer probleme kon geskep het as wat dit opgelos het.

Malan (2010b:280–2) kom tot die gevolgtrekking dat die KH-uitspraak oor Ermelo toon dat die bevoegdheid van beheerliggame om die taalbeleid van 'n skool te bepaal, klaarblyklik nie so ver strek as wat beheerliggame graag sou wou glo nie. Die KH beklemtoon dat die belange

van die gemeenskap waarbinne die skool geleë is, by die bepaling van die taalbeleid verreken moet word.

#### **4.2.8 Demografie en taalstrategie**

Die demografiese marginalisering van Afrikaanssprekendes bring mee dat die aantal Afrikaanse openbare skole waarskynlik verder gaan verminder.

In sy kommentaar op die Ermelo-saak betoog Malan dat die KH dit beklemtoon dat openbare skole 'n openbare bate is, en dat dit daarom optimaal benut moet word. Dit sal gevolglik baie moeilik vir 'n halfvol openbare enkelmediumskool wees om sy enkelmediumstatus te behou terwyl ander leerlinge in die omgewing van daardie skool nie behoorlike toegang tot onderwys het nie. 'n Taal- (en kultuur-) gemeenskap wat graag enkelmediumskole wil hê, moet self die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. As hulle wil hê dat 'n bepaalde skool enkelmedium moet wees of moet bly, dan moet hulle sorg dat die skool vol is met leerlinge wat in die betrokke taal onderrig wil hê en dat die skool as openbare hulpbron dus optimaal benut word.

As die skool wel vol is, sê Malan, sal die onderwysowerhede, tensy hulle buitensporig ideologies gedrewe is, waarskynlik nie 'n probleem met so 'n skool hê nie, omdat dit klaarblyklik nie in die pad staan van ander potensiële leerlinge wat onderwys nodig het nie. En as 'n provinsiale onderwysowerheid wel 'n probleem met 'n vol enkelmediumskool het weens sy enkelmediumstatus, en daar wil inmeng, gaan dit nie slaag nie. So 'n onderwysowerheid gaan hom in die hof vasloop, omdat sy optrede onredelik en waarskynlik *mala fide* is. Maar 'n nog belangriker rede waarom so 'n skool sy status sal handhaaf, is dat 'n onredelike onderwysowerheid sal faal in 'n poging om die onmoontlike te vermag, want dit sal gewoon nie moontlik wees om meer leerders in te skryf in 'n reeds stampvol enkelmediumskool nie, en daarom sal dit nie weens die toevoeging van anderstalige leerlinge van status kan verander nie. Ook hier bepaal en verskans die feitelike posisie – die stampvol enkelmediumskool – die regsposisie, naamlik dat die skool as sodanig erken word.

As enkelmediumskole egter nie vol is nie, moet die betrokke voedingsgemeenskap van so 'n skool eweneens verantwoordelikheid aanvaar om iets daaraan te doen. Die skool moet dan gewoon van status verander en 'n parallel- of dubbelmediumskool word. Waar daar meer as een enkelmediumskool in 'n dorp, stad of gebied geleë is, en een of verskeie van hulle onderbenut is, behoort beheerliggame saam te werk. In die praktyk beteken dit dat sommige van daardie skole hulle enkelmediumstatus moet laat vaar en parallelmedium- of Engelse skole moet word en die Afrikaanse leerlinge van sulke skole by Afrikaanse skole met langtermynlewensvatbaarheid ingeskryf moet word (Malan:2010b).

Malan se standpunt sluit aan by dié van Klopper (2010), wat meen dat parallelmedium 'n uitkoms vir die platteland kan wees. Hy sê dat waar die aantal Engelse leerlinge minder as 30 persent is, Afrikaans steeds dominant is. Tussen 30 en 40 persent laat die skool in 'n situasie van “wik en weeg” beland. Word die aantal Engelse leerlinge meer as 40 persent, word die skool kosmopolities. Sommige skole het 'n model ontwikkel om hulle wel vir almal oop te

stel sonder om die standaard in gedrang te bring. Hulle kry dit reg om nie polities aangeval te word nie en geniet ook die steun van Engelse ouers.

Afrikaanssprekendes kan ook private of onafhanklike skole ernstig oorweeg waar daar 'n gevaar van verswelging deur getalle is. Daar bestaan reeds ekonomies haalbare modelle, maar die aanbod in Afrikaans is baie beperk en kom hoofsaaklik in parallelmediumskole voor.

Die taalstryd oor skole is veral na die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) gevoer. Die CNO-skole in die Vrystaat en veral in Transvaal was ná die oorlog 'n belangrike middel waarmee die Afrikaners die verengelsingsmaatreëls van die Britse owerheid teengestaan het. Tans het die beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (CVO) meer as 40 skole, waarvan 22 opleiding gee tot matriek. Op een na het hulle almal in 2009 'n 100 persent-slaagsyfer gehad. Die *Christelik* van die CVO-skole is gegrond op die drie belydenisskrifte van die drie Afrikaanse kerke (die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls), terwyl *volkseie* betrekking het op die gebruik van Afrikaans as voertaal en die inagneming van die Afrikaner-geskiedenis en -identiteit.

'n Potensiële bedreiging vir onderwys deur medium van Afrikaans is moontlike ontwikkelinge in die vakbondwese. Vakbonde het 'n groot invloed op die onderwys en kan die toepassing van 'n gesonde onderwysbeleid dwarsboom. Die grootste onderwysvakbond, Sadou, is deel van COSATU en het in Maart 2010 voorgestel dat daar net een vakbond moet wees om die bykans 400 000 onderwysers in die land te verteenwoordig. Die slagspreuk waarmee Sadou dit regverdig, lui: "One industry, one union". Die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie (Naptosa) met 42 000 lede en die SAOU met 24 000 het hierdie voorstel verwerp, maar politieke druk op hulle duur voort.

Aan bostaande kan die Afrikaanse gemeenskap min doen. Waaraan hulle wel iets kan doen, is die aktivering van groter gemeenskapsbetrokkenheid by die beheerliggame van openbare skole. Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid blyk uit die gebeure by Newcastle. Met die eerste vergadering in 2006 om 'n beheerliggaam te kies, was daar geen kworum nie, maar vir die tweede verkiesing het 'n Moslem-minderheidsgroep met welslae gemobiliseer en 'n beheerliggaam gekies wat die godsdienstebeleid verander het. Vir 'n protesvergadering daarteen het 600 ouers opgedaag, maar dit was te laat. Diegene wat die besluit nie wou aanvaar nie, het geen ander keuse gehad nie as om hulle kinders by 'n ander skool in te skryf (Colditz en Deacon 2010).

'n Baie groot deel van die ouerbetrokkenheid het betrekking op die keuse van die kinders se onderrigtaal. Dit blyk volgens Klopper (2010) dat ouers nie sterk genoeg voel oor die waarde van moedertaalonderwys nie. Hoewel 87 persent dit as belangrik of baie belangrik beskou, sal net 59 persent sterk optrede vir die behoud van moedertaalonderwys steun en net 11 persent bereid wees om meer vir moedertaalonderwys te betaal. Slegs 17 persent sal formeel beswaar aanteken teen die verhoogde gebruik van Engels, terwyl 35 persent geen beswaar het teen 'n groter gebruik van Engels nie. Bruin ouers se houding is nog meer vloeibaar as dié van wit ouers.



Klopper (2010) meen dat daar 'n veldtog nodig is om ouers en kinders meer bewus te maak van die waarde van moedertaalonderwys. Hy verwys na 'n bevinding van Kathleen Heugh dat onderbreking van moedertaalonderwys op 'n te vroeë leeftyd die kognitiewe en akademiese ontwikkeling onderbreek, dat dit feitlik onmoontlik vir 'n leerling is om genoeg van 'n tweede taal te leer om in graad 4 na Engels oor te skakel, en dat kinders in lande met 'n goeie onderwysstelsel moedertaalonderwys vir minstens die eerste ses tot agt jaar nodig het.

Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat het in Augustus 2005 'n poging aangewend om die waarde van moedertaalonderwys onder ouers se aandag te bring deur 'n beraad oor moedertaalonderwys te hou. *Volksblad* het heelwat publisiteit hieraan gegee, en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het in 2006 'n supplement gepubliseer (Van Niekerk en De Wet 2006) waarin verskeie van die referate gebundel is. Waardevolle inligting oor moedertaalonderwys is dus beskikbaar, maar dit is minder duidelik hoe 'n mens dit deurlopend onder die aandag van die ouers, veral die moeders, kan bring.

Om saam te vat: transformasie het Afrikaans op talle terreine benadeel. Dit het sy ekonomiese waarde verminder omdat dit bykans weg getransformeer is uit die staatsdiens en staatskorporasies, en ten dele ook uit private ondernemings. Daar is nie meer 'n volwaardige Afrikaanse openbare televisiediens nie, die aantal Afrikaanse skole het minder geword, en daar is nie meer ten volle Afrikaanse universiteite nie. Afrikaans word benadeel in die regspleging, omdat soveel regterlike beamptes nie Afrikaans beheers nie, met die gevolg dat Afrikaanse getuies en beskuldigdes soms tot hul nadeel in Engels getuig. Integrasie van mense van verskillende taalgroepe bevorder dikwels die gebruik van Engels alleen. Afrikaanse plekname word verminder, wat die "taallandskap" minder Afrikaans maak (meer hieroor in 4.3).

#### ***4.3 Die owerheid se houding teenoor inheemse tale***

Die gevolge van transformasie hang saam met die owerheid se onverskilligheid teenoor taalregte vir inheemse tale. Suid-Afrika se grondwet bepaal dat daar elf tale is wat *landwyse* amptelike tale is, en dat die nasionale regering en provinsiale regerings steeds minstens twee van hulle moet gebruik. Verder moet die nasionale en provinsiale regerings die gebruik van amptelike tale deur wetgewende en ander maatreëls reël en monitor. Die nasionale regering moet ook 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) instel wat onder meer vir die ontwikkeling en gebruik van al die amptelike tale moet sorg.

Die regering het Pansat wel ingestel, maar nagelaat om die ander bepalings in verband met die amptelike tale uit te voer. Pansat ontvang klagtes oor taalverwaarlosing van sprekers van alle inheemse tale, maar kan prakties niks daaraan doen nie. Volgens die verslag vir 2009–10 is weer talle klagtes ontvang, onder meer van isiZulu- en Afrikaanssprekendes. 'n Voorbeeld van so 'n klagte is dié van die burgerregte-organisasie AfriForum wat ongelukkig was oor 'n omsendbrief wat die adjunk provinsiale kommissaris van Limpopo aan polisiebeamptes in dié provinsie uitgestuur het. In dié brief word lede van die polisie opdrag gegee om alle dossiers

in Engels te open en te registreer. Alle verklarings moet in Engels afgeneem word, en alle dagboekinskrywings oor die ondersoek moet ook in Engels wees (*Beeld*, 6 Oktober 2010).

Soos in 4.2 aangetoon, het Afrikaans prakties verdwyn uit die staatsapparaat. Die F.W. de Klerk-stigting het in 2008 op Internasionale Moedertaaldag verklaar dat Engels “die *de facto*-enkele amptelike taal” van die nasionale regering geword het, ondanks die grondwetlike bepaling dat daar altyd minstens twee amptelike tale gebruik moet word. Geen kenner kan hierdie verklaring in twyfel trek nie. Die Stigting het gewys op die afskeep van alle inheemse tale, en het gesê die staat erken nie behoorlik die reg op moedertaalonderwys nie.

In 4.2 is ook betoog dat die inheemse tale, soos Afrikaans, in die regspleging benadeel word deur die blindelinge toepassing van die beleid van verteenwoordigendheid sonder om plaaslike omstandighede in ag te neem.

Een van die skreiendste skendings van taal- maar ook menseregte het in die Noord-Kaap plaasgevind, waar ’n Afrikaanssprekende persoon wat in die hof verklaar het dat hy geen Engels verstaan nie, verhoor is. Hoewel regsverteenvoording aan hom verleen is, was die betrokke regsgeleerde nie Afrikaans magtig nie. Die verhoor het in Engels plaasgevind en die beskuldigde is skuldig bevind en gevonnissen. Die saak is vir hersiening na die hooggeregshof verwys, waar die regter bevind het dat die beskuldigde ’n billike verhoor ontsê is. Hy het die beskuldigde se skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel (Lubbe 2009).

Afrikaans en die ander inheemse tale (en die sprekers van die tale) word benadeel en in die publikasie van wette misken. Die bepaling in die oorgangsgrondwet dat bestaande taalregte nie verminder mag word nie, het in die grondwet van 1996 verval. Dit het meegebring dat nie alle wette meer in Afrikaans gepubliseer word nie. Volgens Malan (2008) is ’n toenemende aantal wette nie meer in Afrikaans beskikbaar nie; vir die tydperk 1998 tot 2007 beloop dit 86. Vir Afrikaans het dit minstens twee negatiewe gevolge. Ten eerste belemmer die feit dat soveel belangrike wette onbeskikbaar in Afrikaans is, die regsopleiding daarin. Ten tweede het dit ook negatiewe gevolge vir die publikasie van regshandboeke in Afrikaans. Onder die belangrike wette wat nie in Afrikaans beskikbaar is nie, is die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid van 2000, die Kinderwet van 2005 en die Nasionale Kredietwet van 2005. Malan betoog dat hierdie toedrag van sake ongrondwetlik is.

Die onverskilligheid van die owerheid teenoor inheemse tale blyk ook uit die gebrek aan riglyne vir die regulering van die taallandskap, die openbare sigbaarheid van die tale, veral soos dit by padtekens bestaan – iets waarop Du Plessis (2009) wys. Hieroor ontvang Pansat talle klagtes. ’n Internasionale deskundige oor taal- en menseregte, dr. Fernand de Varennes, was op besoek aan Suid-Afrika geskok oor die gebrek aan Afrikaans, veral op padtekens: “Die feit dat die meeste padtekens net in Engels is, gee ’n goeie idee van wie die mag het wat taal betref” (aangehaal in *Beeld*, 13 Maart 2008).

#### ***4.4 Disintegrasie van Afrikaner-nasionalisme***

Geen nasionalisme is staties nie, hetsy dit etniese nasionalisme is of 'n staats- of geografiese nasionalisme – die oogmerke en middele daarvan verander voortdurend. Hoewel Afrikaner-nasionalisme ook in die 20ste eeu verander het, was taalbevordering altyd een van die oogmerke. Afrikaner-nasionalisme het dekades lank krag verleen aan die stryd vir moedertaalonderwys, die ontwikkeling van Afrikaans as universiteitstaal en die gelyke behandeling van Afrikaans en Engels in die staatsdiens en private ondernemings.

Die “disintegrasië” van Afrikaner-nasionalisme, soos Giliomee (2004:626) dit noem, het dus ook gevolge vir Afrikaans gehad. Die disintegrasië het volgens Giliomee al in die 1970's begin en in die 1980's versnel:

Die referendum van 1992 is in baie opsigte die finale afsluiting. Die feit dat De Klerk kon nalaat om sy belofte van 'n referendum oor die konsepgrondwet na te kom, toon dat die volksbeweging feitlik geheel en al sy lot aan die leier toevertrou het. Toe De Klerk besluit om die NP in die nuwe Suid-Afrika op 'n nierassige en veeltalige grondslag te bou en die grootste moontlike kiesersteun te probeer wen, het die nasionalisme van weleer tot die verlede behoort. (Giliomee 2004:626)

Een van die twee kante in die lank bestaande taalstryd het dus die wapen neergelê, in die sin dat sommige welgestelde en goed opgeleide Afrikaners al lank nie meer vir hul taal in die bresse wil tree nie. Maar terselfdertyd het die ander kant opnuut die wapen opgeneem. Terwyl Afrikaner-nasionalisme gekwyn en verdwyn het, het Engelse nasionalisme nuwe lewe gekry en het die ou bondgenootskap tussen dié nasionalisme en swart nasionalisme herleef. Giliomee (2010) wys op die herlewing van dié bondgenootskap en gebruik die benaming Afro-Saksers vir die koalisie van 'n swart elite en “progressiewe” wit Engelssprekendes.

Feitlik net Engelssprekendes word uit die wit gelede genooi om saam met meerderheid swartes in beheerrade en direksies te dien. In die SABC-beheerrade dien geen Afrikaanssprekendes nie, al betaal hulle 25 persent van die lisensiegeld. Al is die Afrikaanssprekendes se koopkrag die grootste van al die taalgroepe, is daarvloed Engelse advertensies. Afro-Saksers oorheers die advertensie-agentskappe.

Die gevolge van die disintegrasië van Afrikaner-nasionalisme is veral merkbaar in die naskoolse onderwys. Ten eerste blyk dit dat korporasies wat hul besigheid op Afrikaner-sentiment gebou en ná 1994 gerieflik hul wortels vergeet het, nie meer Afrikaans as opleidingstaal gebruik nie. Die naskoolse beroepsopleiding van die privaatsektor het dus, net soos dié van die staat, totaal verengels, terwyl die staatskolleges in die meeste gevalle disfunksioneel geraak het. Verder het diskriminasie teen wit jongmense ten opsigte van opleidingsgeleenthede in groot maatskappye daartoe gelei dat duisende jong Afrikaanssprekendes hulle ook nie vir beroepsopleiding kon voorberei nie. Omdat daar 'n direkte verband is tussen goeie opleiding en ekonomiese sukses, het 'n gebrek aan behoorlike opleiding langtermyngevolge wat nie maklik reggestel kan word nie. Buys (2009:239–40) beskryf dan ook goeie opleiding en onderwys as dat dit vir mense 'n leer gee waarmee hulle uit die put van armoede kan uitklim na 'n lewe van geleenthede.

Buys sê dat die afskaling van Afrikaans onteenseglik 'n rol gespeel het in die opkoms van die huidige armoede onder baie Afrikaners, en dat dit 'n struikelblok is vir die oplossing van die vraagstuk. Daar is min dinge wat so ontmagtigend is vir 'n Afrikaanssprekende wat nie ten volle tweetalig is nie, as om homself in 'n tweede taal te moet handhaaf. Die belangrike rol wat moedertaalonderwys en -opleiding in die ekonomiese bemagtiging van mense speel, kan nie oorbeklemtoon word nie (Buys 2009:245). Baie Afrikaners wat vlot tweetalig is, is produkte van moedertaalonderwys. Hulle het hul vaardighede deur middel van hul eie taal bemeester en geleer om hulle helder en logies in dié taal uit te druk.

Die tweede gevolg van die einde van Afrikaner-nasionalisme is merkbaar aan die historiese Afrikaanse universiteite. Giliomee haal die mening aan van Niek Grové, registrateur van die Universiteit van Pretoria. Hy het hom in 2009 soos volg uitgedruk in 'n toespraak by die 80ste verjaarsdag van die FAK:

Ná 1994 en ná daar van politieke mag afstand gedoen is, word die Afrikaner-gemeenskap die toonbeeld van wat ons kan noem die sogenaamde *personalised society*. Ons gaan oor in hiperindividualisme. Mense leef na binne. Hulle leef vir hulleself. Hoe meer individualisties ons word, hoe swakker word die bande met familie, vriende, bure, klubs, kerkgemeenskap en groepe. Op dié wyse word sosiale kapitaal vernietig. Sosiale kapitaal wat vernietig word, vernietig ook optimisme. (Giliomee 2010)

Giliomee voer aan dat dit die “hiperindividualistiese” elite aan universiteite is wat aan die spits staan van die wegbeweeg van Afrikaans. Hulle brandmerk hul teenstanders as “regs”, “verkramp” en “reaksionêr”. Hy sê dit is nie die ANC of die swart studente wat die grootste druk vir Engels as voertaal uitoefen nie, maar dekane, dosente en besture. Die feit dat die Universiteit Stellenbosch die universiteit is wat op die grootste skaal dubbelmedium gebruik, het baie te doen met die feit dat dit vir dosente geriefliker is as parallelmedium.

'n Derde gevolg van die verdwyning van Afrikaner-nasionalisme is dat maatskappye soos Sanlam en Volkskas, wat in die volksbeweging ontstaan het, gretig was om hul etniese karakter te verbloem om mense van ander taal- en rassegroepe te trek. Die Afrikaanse Handelsinstituut beskou dit nie meer as een van sy funksies om Afrikaans te bevorder nie. Sy eerste bruin president, Franklin Sonn, het in 2002 verklaar: “Ek is nie 'n Afrikaner nie, ek was nog nooit een nie en wil ook nie een word nie” (Giliomee 2004:627).

Van Afrikaanse sakelui het daar geen beduidende protes gekom teen regstellende aksie, die gevolglike verlies van vaardighede en, in die geval van Afrikaanse sakeleiers, die regering se aanslag op Afrikaans nie. Uit Giliomee se beskrywing (2009:683–7) kom 'n mens agter hoe die sakeleiers Afrikaanssprekendes in die steek gelaat het. In 2000 het oudpresident Thabo Mbeki 34 Afrikaanse sakeleiers ontvang. Hul leier was prof. Willie Esterhuysen, wat proteste teen die afskaling van Afrikaans as openbare taal verwerp het as afgesaag en so flou soos bier wat heeldag in die son gestaan het. Hy het gewaarsku teen ondermynende neigings by mense wat vir minderheidsregte pleit.

Ná die ANC se oorwinning in die 2004-verkiesing het 112 Afrikaanse sakelui, beroepsmense en akademici Mbeki gelukgewens: “U het dit vir alle Suid-Afrikaners, ook Afrikaners, moontlik gemaak om tuis te voel in ons land en welkom in Afrika en die wêreld.” Maar hul brief rep niks van die onsekere posisie van Afrikaans by skole en universiteite nie. Die afvaardiging het dit nie as sy taak gesien om die kommer en griewe van Afrikaners by die regering te opper nie, maar het aan die Afrikaanse gemeenskap vertel hoe vriendelik die regering hulle ontvang het.

#### 4.5 Onverwerkte verlede

Die disintegrasië van Afrikaner-nasionalisme het die gevolge van skuldgevoelens oor apartheid en negatiewe verwagtings van die toekoms vererger. Volgens Giliomee (2010) het baie mense in die Afrikaanse middelklas ’n behoefte ontstaan om te demonstree dat hulle verhewe is bo diegene wat hulle oor Afrikaans se status as openbare taal of oor Afrikaner-armoede bekommer. Sommige is onwillig om Afrikaans as openbare taal te behou. Elders skryf hy (Giliomee 2009:713) dat party Afrikaners met ’n hoë onderwyspeil hulleself nie meer as Afrikaners beskou nie.

Apartheid bly inderdaad vir baie ’n steen des aanstoets en die rots der struikeling. Strauss (2010) beweer dat baie Afrikaners nie hul apartheidsverlede verwerk het nie. Hierdie verlede spook veral by ouer Afrikaners. Sommige Afrikaners sien die verlede ook as net swart of net wit, en is nie in staat om wat goed is uit die verlede te neem nie. Baie van hulle het nog nie ingesien dat die verlede van geen volk slegs wit of swart is nie, maar grys. Vir sy boek oor die Nederlanders tydens die Tweede Wêreldoorlog gebruik Van der Heijden die titel *Grijs verleden*, juis om dít te beklemtoon: “Want als de Tweede Wereldoorlog iets heeft getoond, dan is het wel de oude waarheid, dat de mens, het handjevol helden en heiligen daargelaten, niet goed is en niet fout, niet zwart of wit, maar grijs” (Van der Heijden 2002:412).

Wat die skuldgevoelens van Afrikaners vererger het, was die verrigtinge van die eensydige Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK). ’n Gebrekkige kennis van die geskiedenis het sommige Afrikaners ook kwesbaar gemaak vir vergelykings met die Nazi’s. WVK- en kabinetslede het die aanklag van volksmoord kwistig rondgeslinger. Giliomee (2004:612) argumenteer egter dat sulke aantygings buitensporig was. Die swart bevolkingsgroei en lewensverwagting het in die jare van apartheid dramaties toegeneem, terwyl die Nazi’s in die Tweede Wêreldoorlog die grootste deel van die Joodse bevolking in Duitsland en Oos-Europa uitgewis het. Nogtans het sommige van die intelligentsia volgehou om apartheid gelyk te stel aan Nazisme, al het Giliomee (2004:445–6) met kapittel en vers aangetoon dat apartheid nie gebaseer was op die “mislukte rasse-ideologie van Nazi-Duitsland” nie, maar op die rassisme wat die Weste in die algemeen teenoor swart en bruin mense aan die dag gelê het.

Die intellektuele klimaat was in die 1990’s en vroeë 2000’s ongunstig vir Afrikanerskap en taalhandhawing. Meningsvormers het dikwels afsydig en selfs vyandig daarteenoor gestaan. Die onwilligheid om vir taalregte te veg, was wel soms berekende taktiek om nie die nuwe maghebbers aanstoot te gee of sake- en beroepsbelange in gevaar te bring nie.

'n Deel van die onverwerkte verlede is vir baie nie slegs skuldgevoelens nie, maar ook bitterheid oor die wyse waarop onderhandelinge in die vroeë 1990's gevoer is en die skynbaar alte maklike prysgawe van die Afrikaners se selfbeskikkingsreg. Skerp kritiek is op oudpresident F.W. de Klerk uitgespreek nadat hy in 1997 in Londen gesê het:

The decision to surrender the right to national sovereignty is certainly one of the most painful any leader can be asked to take. Most nations are prepared to risk war and catastrophe rather than to surrender this right. Yet this was the decision we had to take. We had to accept the necessity of giving up the ideal on which we had been nurtured and the dream for which so many generations had struggled for and for which so many of our people had died. (Giliomee 2003:656)

Daarby kan die verlies aan selfbeskikking sonder die hoop om dit terug te kry, by baie mense lei tot moedeloosheid en die gevoel dat daar geen toekoms meer vir die Afrikaners as volk en ook vir Afrikaans is nie. 'n Mens sou emigrasie en verengelsing ook kon beskou as tipies van 'n volk wat 'n "krisis van die vertwyfeling" beleef. So beskryf N.P. Van Wyk Louw een van die groot krisisse wat 'n volk kan bedreig as dié soort krisis wat voorkom wanneer 'n groot deel van die mense daaraan twyfel of die groep mense *as volk* moet voortbestaan (Louw 1986:457).

#### **4.6 Demografiese marginalisering**

Getalsgewys verkeer Afrikaanssprekendes in 'n benarde posisie. Volgens die amptelike middeljaarraming van Junie 2009 het die totale bevolking 49,3 miljoen getel. Hiervan was 29,1 miljoen (79,3 persent) swart, 4,46 miljoen (9,1 persent) wit, 4,4 miljoen (9,0 persent) bruin en 1,27 miljoen (2,6 persent) Indiërs. Hierdie syfers toon dat die aantal Afrikaanssprekendes – en hulle is hoofsaaklik afkomstig uit die wit en bruin groepe – totaal oorweldig word deur sprekers van ander tale. Volgens die 2001-sensus is Afrikaans die derde grootste taal ná isiZulu en isiXhosa; daarvolgens het Afrikaans 5,9 miljoen sprekers. Die Afrikaanssprekendes is buitendien 'n krimpende minderheid as gevolg van 'n lae geboortesyfer en hoë emigrasie van wit sprekers en die immigrasie van ander groepe.

Die wit mense het die vervangingsvlak (gemiddeld 2,1 kinders per vrou) teen die laat 1980's bereik, die Indiërbevolking teen die laat 1990's, en die bruin bevolking waarskynlik omstreeks 2010. Die wit geboortesyfer het in die afgelope 50 jaar gedaal van 3,5 in 1960 tot 1,8 in 2001 en 1,7 in 2010. Die bruin groep het die wit bevolkingsgroep waarskynlik reeds as die tweede grootste bevolkingsgroep vervang. Die swart bevolking sal die vervangingsvlak egter eers teen 2035 bereik. Dié bevolkingsgroep lewer die grootste bydrae tot die totale aantal geboortes van ongeveer 1,1 miljoen per jaar. Slegs 17,9 persent van die wit bevolking is onder 15 jaar, teenoor 33,6 persent van die swart bevolking, 28,3 persent van die bruin bevolking en 22,7 persent van die Indiërbevolking.

Immigrasie, veral uit Afrika, maar ook uit ander lande, het na 1990 en in die besonder na 1994 geweldig toegeneem. Niemand weet hoeveel onwettige immigrante daar in Suid-Afrika is nie, maar ramings wissel tussen drie en 12 miljoen. Smit (2010) se raming is tussen agt en nege miljoen.

Terwyl miljoene mense uit Afrika en elders die land ingestroom het, het groot getalle wit mense die land verlaat – na raming meer as 1,2 miljoen sedert 1990. Die verlies aan kundigheid wat hiermee gepaard gaan, is onmeetlik groot. Die wêreldwye ekonomiese resessie sedert 2008 het 'n demper geplaas op die vermoë om suksesvol te emigreer, en daar is aanduidings dat Suid-Afrikaners begin terugkeer. Die toekomstige emigrasiepatroon sal bepaal word deur die herstel in die wêrelddeksonomie, en in Suid-Afrika veral deur die vlakke van geweld, misdaad en politieke onstabieleit. Die gesamentlike uitwerking van die lae geboortesyfer en hoë emigrasiesyfer word vererger deur die feit dat die meeste emigrante betreklik jonk is, sodat die geboortesyfer daardeur nog verder daal. Daarteenoor is die geboortesyfer van veral die swart bevolking hoog, en hul getalle word voorts konstant aangevul deur immigrasie.

Die gevolge van hierdie prosesse is veral voelbaar in die onderwys (hoe minder Afrikaanse kinders, hoe minder Afrikaanse skole), in die Afrikaanse kultuurlewe (hoe minder Afrikaanssprekendes, hoe minder kopers van boeke, koerante en tydskrifte) en in werksgeleenthede (krimpende getalle wit en bruin mense impliseer minder werksgeleenthede in werkkringe wat wetlik die rassasamestelling van die bevolking moet weerspieël).

Die dalende aantal wit leerlinge gaan veral die platteland swaar tref. In die Wes-, Noord- en Oos-Kaap kan die getalle wit en bruin kinders saam moontlik groot genoeg wees om Afrikaanse skole of Afrikaanse afdelings van parallelmedium-skole in stand te hou, maar in die noordelike provinsies sal dit al hoe moeiliker word.

Die sluiting van Afrikaanse skole het altyd nadelige gevolge vir die betrokke dorpe. Ouers wat noodgedwonge hul kinders na skole op groter dorpe bring, is geneig om ook hul sake op dié dorpe te doen. Die kleiner dorpe word verder nadelig geraak deur die feit dat wit mense in elk geval dorpe verlaat. Kommersiële boere wat hul grond vanweë grondhervorming verloor of aftree-ouderdom bereik, ervaar al hoe meer dat dorpe onveilige woonplekke word en dat die basiese dienste in duie stort. Baie dorpe het byvoorbeeld net te veel mense vir die watervoorraad. Die groot handelsbanke sluit ook hulle takke op die platteland, sodat sommige dorpe in die Vrystaat en Noord-Kaap geen bank meer het nie. Net 28 landdrosdistrikte het van 2001 tot 2006 'n groei in die wit bevolking getoon. Die gevolge van dit alles is dat die platteland sy Afrikaanse karakter kan verloor.

#### **4.7 Samevatting**

Afrikaanssprekendes het geen beheer oor die destruktiewe prosesse en faktore wat in hierdie afdeling behandel is nie. Globalisering is 'n onstuitbare wêreldwye proses. Transformasie is die beleid van 'n regering wat deur byna twee derdes van die kiesers gesteun word, en dié regering se houding teen die minderhede sal nie deur Afrikaanssprekendes verander kan word nie. Die disintegrasie van Afrikaner-nasionalisme is 'n gegewe. Die onverwerkte verlede is een van die mees destruktiewe faktore onder die Afrikaners en het gelei tot 'n onvermoë en onwilligheid om vergrype van die regering teen te staan. Ten slotte is die demografiese marginalisering grotendeels uit die hande van Afrikaanssprekendes: hulle kan niks doen aan die faktore wat emigrasie van wit mense en die immigrasie van ander groepe bevorder nie.

## 5. Konstruktiewe tendense

Teenoor die destruktiewe faktore wat in die vorige afdeling geskets is, is daar eweneens faktore en tendense wat status- en in 'n mate ook funksieverlies teëwerk. Die eerste twee daarvan is reeds van voor die 1990's af werksaam, maar ander het meer onlangs ontstaan.

### 5.1 Die lewenskragtigheid van die Afrikaanse kultuur

Die lewenskragtigheid van die Afrikaanse kultuur blyk uit verskeie feite. Die Afrikaanse letterkunde – fiksie én niefiksie – is indrukwekkend in sy omvang en verskeidenheid, hoewel natuurlik glad nie in so 'n mate as die Nederlandse of Engelse letterkunde nie. Van die lewendigheid van die poësie konstateer Bernard Odendaal (digter en letterkundige, en residensiële resesent van Versindaba) dat “[a]s die poësie 'n aanduiding kan wees van Afrikaanse mense se ondernemingsgees en kreatiwiteit, sal hulle nog baie bulte uitgebeur kry, en baie waens deur die drif kan sleep” (Odendaal 2010). Afrikaanstaliges is volgens opnames dan ook die groep wat die meeste boeke in die land koop.

Die intellektuele gesprek oor die literatuur vind hoofsaaklik in Afrikaans plaas. 'n Paar vaktydskrifte in sowel die geestes- as die natuurwetenskappe verskyn uitsluitlik of gedeeltelik in Afrikaans. Daar is dus nog 'n intellektuele lewe in Afrikaans, al word dit ingeperk deur die eise van die akademiese wêreld wat in 'n toenemende mate alleen Engels as die taal van die wetenskap en die wetenskaplike diskoers verlang.

Afrikaans het vier dagblaaie en twee Sondagblaaie, terwyl talle kleiner koerante in Afrikaans of deels in Afrikaans verskyn. Daar is ook algemene en gespesialiseerde Afrikaanse tydskrifte, soos geestelike, reis- en leefstyltydskrifte. Afrikaans word oor RSG en kleiner radiostasies gehoor. Die DStv-kanaal kykNET bied 'n volwaardige Afrikaanse televisiediens, wat 'n nuusdiens insluit, en sedert die tweede helfte van 2010 het TopTV ook 'n Afrikaanse diens. Die groot verskeidenheid programme op hierdie kanale en radiostasies verskaf werk aan honderde kreatiewe en uitvoerende kunstenaars en mense in die mediabedryf.

Die aanlynjoernaal LitNet, onder leiding van die skrywer Etienne van Heerden, is hoofsaaklik Afrikaans en ontvang daaglik talle besoeke, en sy briewerubriek is een van die lewendigstes in die land. Die aanlynjoernaal *LitNet Akademies* is by die Departement van Onderwys geakkrediteer; so gewild is dié joernaal dat gemiddeld een versorgde artikel per week op 'n waglys geplaas word. Die hoofredakteur is Etienne van Heerden, terwyl Francis Galloway as redakteur vir die geesteswetenskappe en Dirk Laurie as redakteur vir die natuurwetenskappe optree. Ook die meer gespesialiseerde Versindaba (vir poësieliefhebbers) van die digters Louis Esterhuizen en Marlise Joubert floreer. Die pro-Afrikaanse aksiegroep PRAAG onder Dan Roodt het 'n internet-dagblad.

Afrikaanse musiek beleef 'n bloeitydperk. Vir die gewildheid help sorg elektroniese media, soos RSG en ander SABC-stasies, die kleiner gemeenskapsradiostasies en kykNET, soms in samewerking met *Huisgenoot*. Onder die kultuurorganisasies doen veral die ATKV baie vir die bevordering daarvan. Die musiek is deel van die hedendaagse kultuurlewe wat jongmense



aantrek. Dit lewer 'n bonus wanneer dié liedjies 'n Afrikaanse taalpatriotisme help kweek en die volksgevoel aanspreek. Bok van Blerk se liedjie “De la Rey” het 'n tyd gelede die land stormenderhand verower, en Deon Opperman se verhoogstuk *Ons vir jou* het duisende mense getrek.

Kunsteefeeste het in die nuwe Suid-Afrika 'n groot aantrekkingskrag vir jonk en oud geword. Hierdie feeste trek baie mense vir wie 'n week se intensiewe taal en kultuur baie beteken in 'n tyd waarin die staat min steun aan die uitvoerende kunste gee en waarin die openbare uitsaaier Afrikaans afskeep.

'n Verdere positiewe aspek hou verband met die feit dat Afrikaans in 'n mate nog sy loopbaanwaarde behou het. Mense in talle beroepe – dokters, predikante, onderwysers, landboukundiges, joernaliste, ekonome, advokate, prokureurs, boere, agente van allerlei aard – vind baat daarby as hulle Afrikaans beheers. Die gedrukte en elektroniese media en die uitvoerende kunste verskaf ook werk aan 'n beduidende aantal Afrikaanssprekendes.

Die meerderheid Afrikaanssprekendes voel sterk oor godsdienste, en die bestaan van kerke en verenigings wat Afrikaans behou, is 'n konstruktiewe tendens. Dat houdings oor godsdienste verander het, is wel seker. Dit blyk uit statistiek wat in 'n antropologiese studie (Van der Merwe 2009:245) aangehaal word. Terwyl 91 persent van die Afrikaners in 1980 nog lidmate van een van die drie Afrikaanse susterkerke was, was dit in 2005 sowat 50 persent. Sowel die charismatiese beweging as die “nuwe hervormers” kry meer steun. *Die Kerkbode* het in 2005 berig dat sowat 35 persent van die NG Kerk se lidmate gereeld eredienste bywoon. Volgens 'n *Kerkbode*-artikel het die aantal NG lidmate tussen 1988 en 2010 met 23,8 persent afgeneem van meer as 1,4 miljoen tot minder as 1,1 miljoen. Die daling word veral aan emigrasie toegeskryf (*Rapport*, 7 November 2010).

Afrikaans staan dus sterk as godsdiensttaal, en godsdienstige boeke, byvoorbeeld godsdienstdagboeke, verkoop baie goed. Tog is daar binne die positiewe situasie 'n negatiewe tendens, naamlik die neiging om al hoe meer Engels te gebruik. Hierdie neiging is nie beperk tot mooi klinkende woorde nie; soms, ook in RSG-meditasies, word Bybeltekste liever in Engels aangehaal omdat dit dan so treffend in dié taal sou klink, en Engelse liederes word veral in die charismatiese kerke al hoe meer gesing. Dit bevestig Giliomee en Schlemmer se bevinding dat die georganiseerde godsdienste een van die verengelsende globaliserende tendense is.

Om saam te vat: die Afrikaanse kultuur groei en bloei, en dit is een faset van die Suid-Afrikaanse werklikheid wat nie direk deur die ANC beheer kan word nie. Waar die staat wel seggenskap het, gaan dit egter moeiliker: Afrikaanse televisie oor SABC is sedert die 1990's drasties afgeskaal, maar floreer op die private kanaal kykNET. Dit is 'n lewenskragtige kultuur, maar het minstens een swakheid, wat toe te skryf is aan die wêreldwye prestige van Engels. Dit is 'n sekere mate van gemaksgug by skeppende en uitvoerende kunstenaars om alte maklik hul toevlug tot Engelse woorde en frases te neem.

Wat taalhandhawers ten opsigte van die kultuur sou kon doen, is om te verseker dat daar geleentheid vir kultuurbeoefening bestaan. Die bevordering van die Afrikaanse kultuur geskied reeds op verskeie wyses, al staan dit nie bekend as “taalhandhawing” nie. Een van die bydraende faktore ten opsigte hiervan is juis private televisie en radio. Nog ’n manier is die toekenning van pryse deur onder meer die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en uitgewers. Afrikaans as ’n kultuurtaal kan ook staatmaak op trusts wat ’n paar dekades gelede gestig is terwyl sakelui nog noue bande met die Afrikaner-nasionalistiese beweging gehad het. Sonder die geldelike steun van Het Jan Marais Nasionale Fonds, die L.W. Hiemstra-Trust en die Dagbreektrust sou die indrukwekkende oes Afrikaanse boeke ná 1994 nie moontlik gewees het nie.

## 5.2 Gehalte van Afrikaanse onderwys

Een van die redes waarom die Afrikaanse kultuur floreer, is dat daar nog baie gewese model C-skole bestaan wat onderrig van gehalte deur medium van Afrikaans verskaf. Terwyl die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel volgens die onderwyskenner Davies (2010) van die swakste in Afrika is wat betref die deurvloeiwyse, is die Afrikaanse skole van die beste in die land. In 2009 het 35 393 leerlinge aan 295 Afrikaanse skole die graad 12-eksamen geskryf en 32 398 het geslaag. Dit is 91,5 persent teenoor ’n gemiddelde 60,7 persent landswyd. In 2010 het vyf Afrikaanse skole van Pretoria die beste van die Gautengse skole in die matriekeksamen gepresteer.

Die volgende tabel verskaf gegewens oor die leerlinge en skole in elke provinsie: (Klik op die tabel om dit te vergroot.)

AFRIKAANSE SKOLE SE VERTONING IN 2009 SE GRAAD 12-EKSAMEN							
PROVINSIE	AANTAL SKOLE	AANTAL LEERLINGE GESKRYF	AANTAL LEERLINGE GESLAAG	SLAAG %	SAOU-LEDE	SAOU-HOOFDE	PROVINISE %
GAUTENG	61	10898	10598	97,2	1772	54	71,8
KZN	7	922	898	97,4	84	3	61,1
LIMPOPO	11	1576	1510	95,8	304	11	48,9
MPUMALANGA	8	1223	1192	97,5	262	7	47,9
NOORD-KAAP	41	3034	2303	75,9	303	20	61,3
NOORDWES	16	2159	2125	98,4	448	14	67,5
VRYSTAAT	78	6613	5679	85,9	1293	53	69,4
OOS-KAAP	17	1955	1862	95,2	312	16	50
WES-KAAP	56	7013	6231	88,8	599	37	75,7
	<b>295</b>	<b>35393</b>	<b>32398</b>	<b>91,5</b>	<b>5377</b>	<b>215</b>	<b>60,7</b>

**Tabel 4. Skoolverwante gegewens, o.a. prestasie, per provinsie**

Die behoud van Afrikaans as voertaal op skool word egter beïnvloed deur die persentasie- en getalsafname van die Afrikaanssprekende leerlinge, asook die verskillende opvattinge oor moedertaalonderwys in die Afrikaanse gemeenskap. Die een helfte van die Afrikaanse gemeenskap – die bruin Afrikaanssprekendes – beskou Afrikaans as in hoofsaak ’n instrument, en het geen sterk besware as Afrikaans as voertaal toenemend op hoërskool en universiteit vervang word deur Engels nie. Vir die meeste wit Afrikaanssprekendes het Afrikaans nie net instrumentele waarde nie, maar is dit ook een van die vernaamste simbole van hul identiteit.

Slegs 39 persent van die bruin Afrikaanssprekende leerlinge in openbare skole ontvang hul onderrig deur medium van Afrikaans, teenoor 51 persent in Engels, terwyl die res in parallelmediumskole is. Een van die redes wat Klopper (2010) noem, is dat wanneer 'n bruin Afrikaanse skool ook Engels as medium invoer, die skool nie parallelmedium word nie, maar Engels; 'n tweede rede is die ouers se apatiese houding teenoor Afrikaans, terwyl hulle Engels as taal van opwaartse mobiliteit beskou.

Vir die meeste wit Afrikaanssprekendes bly Afrikaanse onderrig belangrik. Van hulle is 15 persent in Engelsmediumskole, 'n derde in parallelmediumskole en 51 persent in Afrikaansmediumskole.

Volgens navorsing deur die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), soos verskaf deur Klopper (2010), is daar tans 1 038 Afrikaanse enkelmediumlaerskole en 335 Afrikaanse enkelmediumhoërskole, en is Afrikaans een van die onderrigmediums in 656 parallelmediumlaerskole en 342 parallelmediumhoërskole. Afrikaans is dus in 2 371 hoër- en laerskole 'n onderrigmedium, en daar is 1 373 Afrikaanse enkelmediumskole en 998 parallelmediumskole wat Afrikaans as 'n onderrigmedium gebruik.

Uit 'n tabel van die SAOU blyk dit dat die meeste Afrikaanse enkelmediumlaerskole in die Wes-Kaap is (448); die Oos-Kaap is tweede (180), Gauteng derde (174) en die Noord-Kaap vierde (151). In die ander provinsies is die getalle Afrikaanse enkelmediumlaerskole veel kleiner: KZN 3, Limpopo 11, Mpumalanga 16, Noordwes 32 en Vrystaat 23.

Die meeste Afrikaanse enkelmediumhoërskole is in Gauteng (121), en in die ander provinsies is die getalle soos volg: KZN 4, Limpopo 1, Mpumalanga 5, Noord-Kaap 37, Noordwes 14, Oos-Kaap 30, Vrystaat 41 en die Wes-Kaap 82.

Vir parallelmediumlaerskole wat Afrikaans ook as onderrigmedium gebruik, is die getalle: Gauteng 123, KZN 34, Limpopo 39, Mpumalanga 21, Noord-Kaap 55, Noordwes 14, Oos-Kaap 91, Vrystaat 80 en Wes-Kaap 199.

Vir parallelmediumhoërskole wat Afrikaans ook as onderrigmedium gebruik, is die getalle: Gauteng 83, KZN 10, Limpopo 18, Mpumalanga 11, Noord-Kaap 33, Noordwes 9, Oos-Kaap 42, Vrystaat 35 en Wes-Kaap 101.

Die volgende tabel verstrek provinsiegewys gegewens oor skole met Afrikaans as onderrigmedium (of een van die onderrigmediums): (Klik op die tabel om dit te vergroot.)

PROVINSIE	ENKELMEDIUM LAERSKOOI	ENKELMEDIUM HOERSKOOI	PARALLEL- MEDIUM- LAERSKOOI	PARALLEL MEDIUM HOERSKOOI	GETAL
GAUTENG	174	121	123	83	501
KZN	3	4	34	10	51
LIMPOPO	11	1	39	18	69
MPUMALANGA	16	5	21	11	53
NOORD-KAAP	151	37	55	33	276
NOORDWES	32	14	14	9	69
VRYSTAAT	180	30	91	42	343
OOS-KAAP	23	41	80	35	179
WES-KAAP	448	82	199	101	830
	<b>1038</b>	<b>335</b>	<b>656</b>	<b>342</b>	<b>2371</b>

**Tabel 5. Skole met Afrikaans as onderrigmedium**

Die volgende tabel toon hoeveel leerlinge en opvoeders daar in die Afrikaans-enkelmediumskole en die Afrikaanse afdelings van parallelmediumskole is: (Klik op die tabel om dit te vergroot.)

AFRIKAANS-ENKELMEDIUM		%	GEMIDDELDE LEERDERS	TOTAAL
1373				
HOÛRSKOLE	335	24	585	195 900
LAÛRSKOLE	1 038	76	306	318 000
				513 900
GERAAMDE GETAL OPVOEDERS			38	13 524

  

PARALLELMEDIUM		%	GEMIDDELDE LEERDERS	TOT	AFR 60%	ENG 40%
998						
HOÛRSKOLE	342	34	587	200 850	120 510	80 340
LAÛRSKOLE	656	66	329	215 875	129 525	86 350
				416 725	250 035	166 690
GERAAMDE GETAL OPVOEDERS			38	10 966		

  

Totale getal Afrikaanse leerlinge in openbare stelsel	763 935
Totale getal opvoeders betrokke by Afrikaanse leerlinge	24 290
Totale getal laerskole met Afrikaans as (vereiste) medium van onderrig	1 694
Totale getal hoÛrskole met Afrikaans as (vereiste) medium van onderrig	677
Totale getal skole met Afrikaans as (vereiste) medium van onderrig	2 371

**Tabel 6. Aantal leerlinge en opvoeders in die Afrikaans-enkelmediumskole en die Afrikaanse afdelings van parallelmediumskole**

### 5.3 Ontluikende verwerking van die verlede

Soos reeds vermeld, was die intellektuele klimaat in die 1990's en vroeë 2000's ongunstig vir Afrikanerskap en taalhandhawing. Daarna het sake begin verander. Baie Afrikaners, ook jonges, identifiseer nou met Afrikanerskap. Dit blyk onder meer uit 'n opname wat die Voortrekker-beweging gedoen het oor die houding van 'n groep van 389 Afrikaanse jong mense. Die respondente was nie net Voortrekkers nie, was nie almal wit nie en was van stede oor die hele land afkomstig. Die betekenisvolste reaksie was op die stelling: "Ek is trots daarop om 'n Afrikaner te wees"; 93 persent het hiermee saamgestem, vyf persent was onseker en twee persent het nie saamgestem nie. Op die vraag of daar meer vir Afrikaans gedoen moet word, het 85 persent bevestigend geantwoord en nege persent ontkennend; ses persent was onseker. Op die stelling: "Afrikaans sal een van die landstale bly" het 75 persent bevestigend geantwoord; 22 persent was onseker en drie persent het ontkennend geantwoord. Piet Strauss, hoofleier van die Voortrekkers, noem hierdie "openlike identifisering" met Afrikanerskap verrassend en kom tot die gevolgtrekking dat daar "'n nuwe golf Afrikanergeesdrif" is en vervolg: "Afrikanerwees is weer 'in'. Dit is by baie jong Afrikaners nie 'n debatspunt nie, maar 'n gegewe" (Duvenhage en Steyn 2010:132–3).

Verder is 'n "nie-Afrikaner-onvriendelike" letterkunde blykbaar besig om na vore te kom. In onder meer niefiksie van historiese aard gee Afrikaanse skrywers 'n genuanseerde beeld van die verlede. So het daar oor die grensoorlog al talle boeke verskyn en baie polemieke is al daarvoor gevoer, en dis asof skrywers die leserspubliek wil laat sien dat die waarheid van die WVK nie die volle waarheid is nie. Ook groot fiksieskrywers laat reg geskied aan die geskiedenis, soos byvoorbeeld P.G. du Plessis met sy Anglo-Boereoorlogroman *Fees van die ongenooïdes*.

#### **5.4 Aksies deur die burgerlike samelewing**

Soos in 2.2 opgemerk, is taalgemeenskappe soms onbewus van die gevaar van taalverskuiwing. Hierdie onbewustheid van 'n bedreiging is ook te bespeur onder Afrikaanssprekendes. Schlemmer sê Afrikaners moet by strategiese optredes vir die beskerming van Afrikaans nooit die tipiese kultuurkoherensie oorskakel nie.

Schlemmer (2010) het ook bevind dat Afrikaanssprekendes nie baie goeie koerantlesers is nie. Dit kan wees dat hulle nie van die inhoud hou nie, maar miskien ook dat hulle min in openbare aangeleenthede belang stel. Die lotgevalle van Afrikaans as taal van onderrig en as taal in die howe, die staatsdiens en op andere terreine van hoëvlakgebruik kry wel aandag in die koerante, maar omdat so min mense daarvan kennis neem, besef die bevolking as geheel nog nie die wesenlike gevare van die afskaling van Afrikaans tot die status van 'n randverskynsel nie. Ander navorsing deur Schlemmer onder isiZulusprekende koerantlesers, en onlangse en huidige taalouditnavorsing namens provinsiale regerings (kontraknavorsing deur MarkData), gee aanleiding tot presies dieselfde gevolgtrekkings met betrekking tot inheemse taalgemeenskappe in die land.

Tog raak al meer Afrikaanssprekendes betrokke by aksies vir die bestryding van armoede en instellings wat moedertaalonderwys bevorder. Twee soorte mobilisering wat eie is aan volks- en taalbewegings het reeds 'n mate van welslae gehad: aktivisme en die skep van eie instellings.

Geslaagde taalaktivisme is met die steun van die gemeenskap onderneem en selfs met welslae deurgevoer. Daaronder is hofsake wat enkele skoolbeheerliggame en ander instansies aanhangig gemaak het teen onderwysdepartemente wat die skole se voertaalbeleid verander het.

'n Onafgehandelde geval van taalaktivisme is dié vir die behoud van Afrikaans as 'n voertaal aan die gewese Afrikaanse universiteite. Dit is 'n stryd wat veral woed aan die Universiteite Pretoria en Stellenbosch, en daar het letterlik honderde briewe in *Die Burger* verskyn vir en teen Stellenbosch se sogenaamde "T-opsie" van dubbelmediumonderrig. In opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het Giliomee en Schlemmer 'n ondersoek na die taalsituasie aan die historiese Afrikaanse universiteite gedoen, wat in 2006 gepubliseer is onder die titel *'n Vaste plek vir Afrikaans. Taaluitdagings op kampus*.

Met die steun van die media en die stilswyende steun van die Afrikaanse gemeenskap het Solidariteit en AfriForum verskeie aksies aangepak, soos hofgedinge namens individue wat deur regstellende aksie benadeel is, en teen die verandering van die name van plekke soos Pretoria.

Daar was algemene steun vir 'n taalregtesaak wat in Maart 2010 beslis is: die Pretoriase Hooggeregshof het op 16 Maart 2010 bevind dat die regering versuim het om sy plig teenoor Suid-Afrika se amptelike tale na te kom. Volgens die uitspraak het die nasionale regering in gebreke gebly om volgens die Grondwet deur wetgewende en ander maatreëls die nasionale regering se gebruik van amptelike tale te reguleer en te monitor. Verder het die hof die minister van kuns en kultuur gelas om die gemelde verpligting binne twee jaar ná die bevel na te kom of toe te sien dat dit nagekom word. Die hof het ook opdrag gegee dat die minister die applikant se regskoste betaal. Solidariteit het Cerneels Lourens van Brits, wat die staat voor die hof gedaag het, bygestaan. Hoe die regering die saak gaan hanteer, is egter 'n ope vraag. Voor die begin van die verhoor het 'n hoë amptenaar gesê daar bestaan geen moontlikheid dat die regering soveel steun aan Afrikaans of enige ander amptelike taal kan gee as aan Engels nie.

Du Plessis (2010) bevind in 'n indringende ontleding van taalwetgewing dat die South African Language Bill wat in 2003 ingedien is, aan bepaalde vereistes vir taalwetgewing voldoen, maar dat daar ook ernstige leemtes daarin voorkom, wat egter reggestel sou kon word. Hy meen die wetsontwerp kan in gewysigde vorm heringedien word.

Eie instellings sluit soms by aktivisme aan. In afdeling 5.2 is gewys op die CVO-skole as 'n voorbeeld hiervan. Nog 'n baie belangrike eie instelling is Sol-Tech, wat opgerig is om naskoolse opleiding in vakkundige rigtings aan te bied. Sol-Tech is 'n Christelike, Afrikaanse opleidingskollege met meer as 500 studente en bied opleiding in vier ambagte, naamlik pas-en-draai, elektrisiteit, dieselwerktuigkunde en meulmakery. Die kollege is in 2007 gestig met die doel om te help om Suid-Afrika se vaardigheidskrisis die hoof te bied.

Hermann (2010) van Solidariteit doen 'n hele aantal voorstelle aan die hand oor hoe om te ontkom aan die knellende aspekte van regstellende aksie. So kan maatskappye wat verder gaan as wat die wet vereis, op forums gedwing word om by bestaande regspraak te bly, en hulle kan die regering en maatskappye oor regstellende aksie voor die hof daag. Hy noem ook 'n aantal de facto-werklikhede wat geskep kan word: (1) verander die de jure-omgewing deur jong Afrikaners de facto op te lei in skaars en belangrike vaardighede; (2) bou 'n reuse-beursfonds op; (3) sorg dat daar behoorlike Afrikaanse beroepsopleiding is; (4) veg vir die behoud van Afrikaans by bestaande en nuwe instellings; (5) rig instellings op vir die opleiding van Afrikaanse entrepreneurs; (6) skep 'n Afrikaanse mentorstelsel (Hermann 2010).

Daar is waarskynlik veel meer aksies. Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (VRA) vertaal belangrike wette in Afrikaans, reël seminare vir praktiserende regslui, gee beurse vir studente en sorg vir die indiensopleiding van studente gedurende wintervakansies, terwyl sy Arbitrasiegenootskap geskille tussen Afrikaanssprekendes besleg deur senior Afrikaanse

regseleerdes, onder wie oudregters. Die filosofie agter die VRA se direkte strategie is deur een van die stigters, Koos Malan, verduidelik: “Moenie iemand anders vra om iets vir jou te doen nie; moenie eers probeer om die regering te beïnvloed of om soos ’n party aan bewind te kom alvorens jy iets kan doen nie; doen dit self – summier. Jy kan baie dinge doen en so regstreeks iets vir jou taal en jou mense doen” (aangehaal in Duvenhage en Steyn 2010:140).

### **5.5 Samevatting**

Reeds van voor die 1990’s af is die lewenskragtigheid van die Afrikaanse kultuur en die hoë gehalte van onderwys in Afrikaanse openbare skole twee opvallende eienskappe van die Afrikaanse gemeenskap. Daarby het daar in die afgelope paar jaar twee ander tendense begin ontstaan, naamlik ’n groeiende vereenselwiging met Afrikaners en met Afrikaans, asook ’n groter aantal aktiwiteite by die Afrikaanse burgerlike samelewing. Veral laasgenoemde hou verband met die verwerking van die verlede.

## **6. Obstruktiewe tendense**

Daar is ’n aantal faktore en tendense waarop die Afrikaanse gemeenskap ’n invloed kan uitoefen. Of dit werklik sal gebeur, hang af van die wil en die vindingrykheid van die persone wat die leiding moet neem in die sake waarvoor dit hier gaan, naamlik taalgebruik, die aanwending van nuwe tegnologie en die soeke na bondgenootskappe. Vervolgens word gelet op taalvermenging, die gebruik van nuwe tegnologie en die verhouding tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes.

### **6.1 Taalvermenging**

Taalvermenging is ’n obstruktiewe proses: geen beheer is moontlik oor die gesproke taalgebruik van die gemeenskap nie, maar beperkte beheer is moontlik oor die skriftelike en voorbereide gesproke taalgebruik soos dié van mense wat in die openbaar praat, preek en spreek. Taalvermenging kan dus teëgegaan word as skrywers van hoorspele vir die radio of draaiboekskrywers vir televisie, byvoorbeeld, sou besluit om die aantal Engelse woorde in hul produksies te verminder.

Sedert die vroeë 1990’s spreek sommige skrywers, taalpraktisyns en selfs taal- en letterkundiges soms kritiek uit op die veelvuldige gebruik van Engfrikaans. Onder die jongste afwysende kommentare en voorstelle vir die bekamping van die neiging is dié van ’n taalpraktisyn, Tom McLachlan, ondervoorsitter van die Taalkommissie van die Akademie. Hy het in Februarie 2009 in die RSG-program “Die tale wat ons praat” gesê dat die meeste kinders nóg op skool, nóg in hulle ouerhuise en gemeenskappe korrekte Afrikaans geleer word.

Hy gaan voort: “Selfs in die kerke – behoed ons! – is daar predikante wat dink hulle bereik meer deur gemengde taal te gebruik! Die gevolg is dat die jongmense, wanneer hulle meer volwasse word en nie meer Engels en Afrikaans op groot skaal vermeng nie, nie die korrekte/suiwer/idiomatiese Afrikaanse ekwivalent van daardie Engelse woorde en

uitdrukkings ken nie. Mense sit dan Engelse woorde en uitdrukkings sonder meer in Afrikaans om, en meen hulle praat Afrikaans.”

McLachlan stel voor dat “kinders op skool weer geleer moet word wát goeie Afrikaans is. Ons moes vroeër lyste korrekte voorsetsels, lyste idiome en vaste uitdrukkings, lyste korrekte Afrikaans vir anglisismes, veel voorkomende spelfoute en so meer leer. Deesdae, lyk dit my, moet die kinders omtrent alles ‘self ontdek’ en op ’n manier wys word. Hoe weet nugter” (aangehaal in ’n *Beeld*-rubriek, 26 Februarie 2009).

Ponelis, een van die mees vooraanstaande Afrikaanse taalkundiges, het in sy laaste gepubliseerde artikel voor sy dood daarop gewys dat dié soort Afrikaans in die redelik onlangse verlede ook in die literatuur en in meer saaklike skryffunksies begin voorkom. Om klassieke Afrikaans deur dié soort taal te vervang, is ’n sinlose oefening. Ponelis konstateer dat dit twyfelagtig is of die soort Afrikaans wat so deur Engels beïnvloed word, hom teenoor Engels sal kan handhaaf (2009:5).

Ook hy meen dat die onderwys, die kerk en geloofsorganisasies, die media en die skrywers almal hul deel moet doen. Klassieke Afrikaans bevind hom in ’n vryemarksituasie waar nie die staat nie, maar die Afrikaanse taalgemeenskap en sy instellings die roeping het om klassieke Afrikaans te ondersteun en te bevorder.

Dat ’n belangrike taalkundige dit gerade geag het om dié kommentaar te lewer, is betekenisvol. Taalkundiges is soms so sterk teen purisme gekant dat hulle oor onnodige ontlenings swyg. Dressler (1981:21) wei in een van sy artikels uit oor die etiese probleem van taalkundiges. Sprekers van inheemse tale beskou taalkundiges as die natuurlike leiers of raadgewers in die taalstryd. Hy sê ’n taalkundige het minstens een morele verpligting en dit is om op te kom vir ’n verdrukte minderheidstaal in sy land. Hy skryf dat die verspreiding van een taal ten koste van ’n ander ’n voorspel tot verval is en kritiseer die enorme aantal oornames uit Engels in Wes-Europese tale.

## **6.2 Die invoer van nuwe tegnologie**

Nuwe tegnologie bied geleentehede aan alle tale. Smith (2010) wys op sentrifugale (middelpuntvliedende) en sentripetale (middelpuntsoekende) kragte. Sommige taal- en kultuurgemeenskappe sal groei in die proses van kuberglobalisering, omdat die sentripetale kragte oorheers. In die Weste is die Angelsaksiese kultuur so’n groeiende kern wat verder sal gedy en al meer sal domineer. Selfs Frankryk poog om meer Engelse taalvaardigheid deur middel van sy onderwysstelsel te bevorder ter wille van internasionale mededingendheid. Die Spaanse wêreld is waarskynlik ook superkrities en lewensvatbaar.

Van die kleiner taal- en kultuurgemeenskappe is egter subkrities en sal krimp in die kuberglobaliseringsproses en verswelg raak in die see van andersheid. Schlemmer (2010a) betoog dat daar twee wyses van aanpassing is. Die een is taalverskuiwing na Engels, maar die tweede is interessanter en meer belowend vir die oorlewing van ander tale. Dit kom neer op die aanvaarding van Engels as ’n tegniese kommunikasievereiste (sosiale tegnologie) naas ’n



sterk nasionale of moedertaalopset. Met ander woorde, Engels word die ekwivalent van Microsoft Word, of die taal van internasionale lugvaart in 'n meer omvattende sin.

Maar hierdie soms subtiele onderskeid stel strawwe vrae aan die sprekers van ander tale. Gaan hulle soos die meeste opgeleide mense in Afrika hul eie tale die rug keer? Of sal nasionale en streektale gekoester word as elemente van identiteit, kultuurerfenis en maatskaplike saambinding? Dit gaan grotendeels van die selfvertroue en etniese vasberadenheid van die sprekers van die tale self afhang, en dit kan nooit voorspel word nie.

Smith (2010) verwys na die Duitse kultuurgemeenskap in Suid-Afrika wat deur feitlik 'n eeu daarin geslaag het om 'n fyn balans te handhaaf tussen Duitsheid en inskakeling by die plaaslike nie-Duitse gemeenskappe. 'n Kernaspek hiervan was Duitse skole, ondersteun vanuit Duitsland, maar aangepas by plaaslike kurrikulums. Dit geld ook ten opsigte van Portugese, Griekse en miskien ook ander immigrantegroepes.

Die uitdaging vir die georganiseerde Afrikaanse gemeenskap is volgens Smith (2010) om die beste uitkoms te bevorder deur die sentripetale kragte vir die Afrikaanse taal en kultuur in die kuberglobaliseringsproses te skep, te aktiveer en uit te bou. Die Afrikaanse taal en kultuur moet teenwoordigheid manifesteer in die oorfloed van die kuberruim, en groeikerne van aantrekkingskrag vir Afrikaansheid moet bedink en daargestel word.

Smith dink aan die stimulering van Afrikaanse inisiatiewe soos Geloftedag-, en ander volksfeeste, kunstefeeste, boekskoue en -besprekings en kuberkompetisies. Die beoefening van kollektiewe aspekte van Afrikaanse kultuur moet bedink en bevorder word. Dit was in hierdie opsig byvoorbeeld opvallend hoedat Suid-Afrikaners in ander lande tydens die Wêreldbeker-sokkerwedstryde oor groot afstande byeengekom het om vleis te braai en andersins Suid-Afrikaans te verkeer terwyl sokker op 'n groot skerm gevolg word.

In die Europa van die toekoms met vrye beweging van land na land sal hierdie kwessie van die "nasionale identiteite", van veral die kleiner taalgemeenskappe, toenemend aandag verg. Afrikaanssprekendes kan baanbrekers word in metodes om met die kuberruim standhoudendheid vir sulke inheemse tale en kulture te bewerkstellig. Sukses sal ook die moontlikheid van die fisieke terugkeer van Afrikaners uit die diaspora bevorder.

### ***6.3 Betrekkinge tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes***

In sommige gevalle van taalaktiwisme het wit en bruin Afrikaanssprekendes saamgewerk. In een Noord-Kaapse skool het wit en bruin leerlinge saam betoog teen die verandering van die skool se taalbeleid. Groter samewerking tussen alle Afrikaanssprekendes het op formele vlak gestalte gekry in die Afrikaanse Taalraad, met Wannie Carstens as eerste voorsitter, waarin sowel wit as bruin Afrikaanssprekendes verteenwoordig is. Die totstandkoming daarvan is op sigself al 'n prestasie, aangesien daar tussen dié twee groepe histories bepaalde verskille bestaan.

Giliomee (2010) onderskei twee groepe onder bruin Afrikaanssprekendes. In die geskoolde werkersklas en laer middelklas is daar entoesiasme vir Afrikaans en aksies onder die vaandel van Afrikaans, soos blyk uit die suksesse van die ACVV en die Kindersorg, en die Stigting vir Bemagtiging in Afrikaans (SBA). Die SBA het onder leiding van Ria Olivier en Christo van der Rheeде 'n indrukwekkende rekord van dienslewering onder voorheen benadeelde Afrikaanssprekendes opgebou.

By die elite staan sake egter anders. Hulle het 'n baie lewendige herinnering aan die kwetsing van apartheid, en daarby het Engels vir hulle 'n sterk aantrekkingskrag as taal van aspirasie. Reeds voor 1994 het Van der Berg (2003) bevind dat daar onder die bruin middelklas in Kaapstad "'n massiewe skuif" van 7,4 persent weg van Afrikaans was (teenoor 1,7 persent by wit Afrikaanssprekendes). Giliomee (2010) wys daarop dat daar by baie lede van die bruin elite wat senior poste in die staatsadministrasie, universiteitsbesture en groot maatskappye beklee, 'n sterk neiging is om progressief-individualisties te wees en 'n gevolglike neiging om hulle te vereenselwiging met Engels en met die waardes wat uit hierdie uitkyk voortspruit. Hulle ondersteun die staat se beklemtoning van rasgedrewe transformasie en sy aandrang op Engels as die taal van toegang.

Hierdie elite volg dieselfde strategie as hul swart teenhangers om Engels te omhels as die taal van aspirasie en status wat veral middelklasbelange dien. By sekere lede van die bruin elite is daar sterk teenkanting teen enige doelgerigte poging tot samewerking om Afrikaans in sy hoër funksies te beskerm. Hulle is geneig om die Afrikaners se pleidooi vir die gebruik van Afrikaans as medium van bemagtiging te sien as oportunisme wat voortspruit uit 'n skielike besef by Afrikaners dat hulle 'n magtelose minderheid in die land is en bowendien 'n minderheid onder die Afrikaanssprekendes.

Giliomee meen dat Afrikaners die potensiaal van Afrikaans as verenigende simbool en instrument oorskakel en dat pogings om teen wil en dank alle Afrikaanssprekendes in organisasies saam te voeg, nie sal slaag nie behalwe waar alle omstrede kwessie ontduik word. In 2006 het Neville Alexander op 'n ATKV-konferensie op Goudini tereg opgemerk dat dit veels te vroeg is om van 'n taalgemeenskap te praat. Vir die huidige moet die fokus eerder wees op die gedeelde belange van alle Afrikaanssprekendes, onder meer die belang van doeltreffende onderrig in Afrikaans.

Dit lyk of daar ook 'n ietwat beter verhouding aan die ontwikkel is tussen Afrikaans- en Nederlandssprekendes. Die historiese bande met die Nederlanders en Vlaminge – wat in die kultuurstryd van die vroeë 20ste eeu baie vir die Afrikaners beteken het – is in die Nederlandse kulturele boikot in die apartheidstyd verbreek. Deesdae is kontak aan die toeneem met Nederlandse en Vlaamse individue en organisasies wat in Afrikaans belang stel. Buys skryf in *Rapport* (4 Julie 2010) dat talle Suid-Afrikaanse ondernemings ná 1994 besef het dat dit feitlik onmoontlik is om sonder sterk buitelandse vennote teen die wêreld se groot ondernemings mee te ding. Net so het Afrikaans 'n sterk vennoot nodig. In Nederland werf 'n taalkantoor met die naam Afri-netwerk, onder leiding van Ingrid Scholtz, steun vir Afrikaans in Nederland. Goeie vordering is al gemaak, maar dis nodig om Afrikaans in Nederland en Vlaandere bekend te stel omdat die Suid-Afrikaanse owerheid dit nie doen nie.

Nederlandse belangstelling in Afrikaans het ook al neerslag gevind in uitsprake van Nederlandse politici. Daardeur word Afrikaans in 'n sekere mate geïnternaliseer. Eintlik is dit reeds in 2008 geïnternasionaliseer deur 'n besluit van die Unrepresented Nations and Peoples Organization (UNPO) in Brussel. UNPO het plaasmoorde en die diskriminasie teen Afrikaans veroordeel. Dit is 'n invloedryke internasionale organisasie wat minderheidsregte oor die hele wêreld probeer bevorder, en word deur liberale partye in Europa gesteun. Die voorstel is ingedien deur Pieter Mulder van die VF+, wat as lid toegelaat is.

#### **6.4 Samevatting**

Al drie die obstruktiwiese tendense wat hier geopper is – pogings om ten eerste die hoeveelheid onvertaalde Engels in Afrikaanse taalgebruik te verminder, om ten tweede die nuwe tegnologie vir Afrikaans in te span, en om ten derde bondgenote in en buite Suid-Afrika te vind om die afskaling van Afrikaans teen te gaan – vereis sterk oortuigings, groot vasberadenheid en volgehoue inspanning. Welslae met die genoemde pogings is geen sekerheid nie, maar is ook nie uitgesluit nie.

#### **7. Gevolgtrekking**

Samevattend sou 'n mens kon sê dat verskeie komplekse politieke, sosiale, ekonomiese en demografiese prosesse ongunstig vir Afrikaans verloop. Behalwe taalverskuiwing, sluit dit ook die volgende in: wit emigrasie, 'n deurlopende verlies van belangrike funksies, wat die ekonomiese waarde van die taal verlaag, asook 'n negatiewe houding teenoor taalhandhawing (die behoud van Afrikaans). By baie wit mense is dit die gevolg van skuldgevoelens oor apartheid, en by sommige miskien 'n gebrek aan vertroue in die toekoms weens die verlies van selfbeskikking. By bruin mense is die negatiewe houding te wyte aan die sterk aantrekkingskrag van Engels en die herinnering aan die kwetsende uitwerking van apartheid.

Daarteenoor is daar ook gunstige faktore en prosesse, veral die lewenskragtigheid van die Afrikaanse kultuur en die gehalte van onderwys deur middel van Afrikaans. Dit wil ook voorkom asof daar 'n paar prosesse werksaam begin raak wat die posisie van Afrikaans gunstiger kan maak. Daaronder is die verwerking van die verlede, asook 'n mate van taalaktiwisme en die gewilligheid om selfhelpinstellings te ontwikkel waar die staat tekort skiet. In die kiem aanwesig is groter samewerking van wit en bruin Afrikaanssprekendes, die benutting van die nuwe tegnologie en pogings om die erge mate van taalvermenging in sekere kringe teen te gaan.

Let 'n mens op die aangehaalde stellings van Holmes (1992) oor taalhandhawing in 2.2 hier bo, kan 'n mens ten eerste konstateer dat die soorte gebruikssituasies vir Afrikaans verminder het, alhoewel dit nog op 'n hele paar terreine gebruik word. Dit is ten tweede egter moeilik om die domeine van Afrikaans en Engels afsonderlik van mekaar te hou. Ten opsigte van Holmes se derde en vierde stellings sal die behoud van Afrikaans op meer as een terrein moontlik wees as die gemeenskap die wil daartoe het – byvoorbeeld in die godsdienstbeoefening en die landbou, en selfs in 'n deel van die onderwys, indien soveel as moontlik Afrikaanse enkelmediumskole behoue kan bly.

'n Mens moet verwag dat die taalbeleid en -praktyk van die maghebbers nie sal verander nie, en dat die Afrikaanse taalgemeenskap met amptelike onverskilligheid, afsydigheid of vyandigheid rekening sal moet hou. Die aanvaarding van eie verantwoordelikheid is noodsaaklik vir aksies en instellings vir taalbevordering, moedertaalonderwys of werkskepping.

## Bibliografie

Buys, F. 2009. Ons kan dit weer doen! In Langner (red.) 2009.

Colditz, P. en J. Deacon. 2010. Ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by skoolonderrig. Referaat gelewer op 2 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.

Davies, H. 2010. 'n Algemene perspektief op die stand van onderwys in Suid-Afrika. Referaat gelewer op 2 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.

Deumert, A. 2010. Tracking the demographics of (urban) language shift – an analysis of South African census data. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 31(1):13–5.

Dressler, W. 1981. Language shift and language death – a Protean challenge for the linguist. *Folia linguistica*, 15:5–28.

Du Plessis, T. 2004. Afrikaans en taalaktiwisme. In Van Rensburg (red.) 2004.

—. 2009. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en die regulering van taalsigbaarheid in Suid-Afrika – 'n ontleding van taalregteklagtes. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 27(2):173–88.

—. 2010. 'n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 7(2).

Duvenhage, A. en J. Steyn. 2010. *Die Afrikaner op pad na 2020 – scenario-perspektiewe*. Pretoria: Afrikaner Burgerlike Netwerk.

F.W. de Klerk-stigting. 2010. *'n Studie oor Afrikaans op universiteitsvlak*. Plattekloof: F.W. de Klerk-stigting.

Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2004. *Die Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2009. *The Afrikaners*. Uitgebreide en hersiene uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2010. Waar staan ons nou? Die Afrikaners vandag. Referaat gelewer op 2 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.

Giliomee, H. en L. Schlemmer. 2006. *'n Vaste plek vir Afrikaans. Taaluitdagings op kampus*. Stellenbosch: SUN PreSS.

Goodwin, B. 2009. *Using political ideas*. Sussex: Wiley.

Heywood, A. 2002. *Politics*. Tweede uitgawe. New York: Palgrave.

Hermann, D. 2010. Transformasie. Referaat gelewer op 24 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.

Holmes, J. 1992. *An introduction to sociolinguistics*. Londen: Longman.

Klopper, C. 2010. 'n Perspektief op die Afrikaanse komponent [van die onderwys] met verwysing na al die aspekte wat besinning vereis en met 'n toekomspektief. Referaat gelewer op 2 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.

Kohn, Hans. 1945. *The idea of nationalism*. Toronto: Collier.

Langner, D. (red.). 2009. *Gebroke land. Armoede in die Afrikaanse gemeenskap sedert 1902*. Brandfort: Paul Alberts.

—. 2010. Armoede en maatskaplike strukture. Referaat gelewer op 2 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk, Pretoria.

Louw, N.P. Van Wyk. 1986. *Versamelde Prosa I*. Kaapstad: Tafelberg.

Lubbe, H.J. 2006. Afrikaans: Moedertaalonderrig onder beleg. *SPIL PLUS*, 34:55–74.

—. 2009. A right to language use in court: A language right or a communication right? 11th Conference of the International Academy of Linguistic Law.

Mail & Guardian Online. 2011. ANC Rejects Solidarity Jobs Research.

<http://www.mg.co.za/article/2011-02-22-anc-rejects-solidarity-jobs-research> (23 Februarie 2011 geraadpleeg).

Malan, K. 2008. Observations and suggestions on the use of the official languages in national legislation. *SA Public Law/Publiekreg*, 2008(2):59–76.

—. 2009. Observations on the use of the official languages for the recording of court proceedings. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 1:141–55.

—. 2010a. Observations on representivity, democracy and homogenization *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:427-49.

—. 2010b. Die Grondwet, onderwysowerhede en die pad vorentoe vir Afrikaanse skole. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(2):261-283.

- Malherbe, R. 2010. Taal in skole veroorsaak nog 'n slag hoofbrekens. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:609-22.
- Odendaal, B. 2010. Ontwikkelinge in die Afrikaanse poësie die afgelope dekade. Voordrag gelewer by 'n byeenkoms van Dames Perspektief, Bloemfontein, 13 Maart 2010.
- Ponelis, F. 2009. Die taal wat ons praat. *By*, 19 Desember 2009, ble. 4–5.
- Prinsloo, K. (red.). 2006. *Op pad na 'n taalstrategie vir Afrikaans*. Pretoria: Nasionale Forum vir Afrikaans.
- Rossouw, J. 2005. Die geval van Laerskool Mikro. *Die Vrye Afrikaan*, 2(6):8–12.
- Schlemmer, L. 2010a. Afrikaanssprekendes: Onlangse patrone en wendinge. Referaat gelewer op 16 Februarie 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.
- . 2010b. Bestaansvoorwaardes vir taalgemeenskappe in Suid-Afrika. Referaat gelewer op 3 Maart by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.
- Smit, P. 2010. Die dinamiek van demografie in Suid-Afrika. Referaat gelewer op 16 Februarie 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.
- Smith, H.J. 2010. Die Afrikaner op pad na 2020: Implikasies van tegnologiese ontwikkeling. Samevattende referaat vir die Afrikaner Burgerlike Netwerk-projek.
- SRI (Solidarity Research Institute). 2011. *Comments on the Labour Relations Amendment Bill, the Basic Conditions of Employment Amendment Bill, the Employment Equity Act Amendment Bill and the Employment Services Bill*. Pretoria: Solidariteit.
- Strauss, P. 2010. Waardes en moraliteit in die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse gemeenskap, die sekularisering van die gemeenskap en die toekoms van die kerk in Suid-Afrika en die Afrikaanse gemeenskap. Referaat gelewer op 2 Maart 2010 by die Afrikaner Burgerlike Netwerk.
- Stephens, M. 1978. *Linguistic minorities in Western Europe*. Llandysul Dyfed: J.D. Lewis & Sons.
- Van Coller, H.P. en J.C. Steyn. 2005. *Taal en taalaktiwisme in 'n tyd van transformasie*. D.F. Malherbe-gedenklesing 24. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Van der Berg, S. 2003. Taalverskuiwing en Afrikaans: 'n Ontleding van die sensusdata. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 43(3 en 4):177–87.
- Van der Heijden, C. 2002. *Grijs verleden. Nederland en de Tweede Wereldoorlog*. Amsterdam/Antwerpen: Contact.

Van der Merwe, J.P. 2009. Moraliteit as deel van Afrikanerwaardes. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(2):237–50.

Van Niekerk, A. en A. de Wet (reds.). 2006. Supplement – Moedertaalonderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(2).

Van Rensburg, F.I.J. (red.). 2004. *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik.

Webb, V. 2010. Constructing an inclusive speech community from two mutually excluding ones: The third Afrikaans language movement. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(1):106–20.

Webb, V. en Kembu-Sure (reds.). 2000. African voices. *An introduction to the languages and linguistics of Africa*. Oxford: Oxford University Press.

Weinreich, U. 1968. *Languages in contact*. Den Haag: Mouton.

Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

### Eindnotas

<sup>1</sup>Die volgende organisasies is by die ABN betrokke: AfriForum, Afrikanerbond, Agri-SA, Dames Aktueel, Die Dameskring, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (in waarnemende hoedanigheid), die Voortrekkers, Erfenisstigting, FAK, Fedas, Helpende Hand, Jong Dames Dinamiek, Oraniabeweging, Rapportryersbeweging, SA Onderwysersunie, Solidariteit, Solidariteit-navorsingsinstituut, die Transvaalse Landbouunie, Voortrekkermonument en die Vereniging van Regslui vir Afrikaans.

<sup>2</sup>Deumert (2010:23-4) bevind dat Engels in Kaapstad tussen 1996 en 2001 gegroei het onder bruin mense, Indiërs en swart mense, terwyl Afrikaans slegs onder wit mense gegroei het. Onder bruin mense, wat 80 persent van Kaapstad se Afrikaanse gemeenskap uitmaak, was daar 'n afname in vergelyking met die bevolkingsgroei.

<sup>3</sup>Die beskrywing van globalisering in die voorafgaande paragrawe is gedoen deur Wynand Greffrath met gebruikmaking van bronne soos Goodwin (2009) en Heywood (2002).